

Weg!
Ry & Sleep

Selfdoengids

2023

19

projekte vir
kampeorders

Met stap vir stap
aanwysings

7 Wenke as jy
tweedehands koop



Diens self jou woonwa

Wiellaers



Remskoene



Gasstutte




Woonwa-onderhoud &
seilsorg



Plan B op die internet

+ 15 slim
kampplanne



WANDERER BOW



JUNIOR WANDERER BOW
2.5m x 2.5m x 1.9m

SENIOR WANDERER BOW
3.0m x 3.0m x 2.2m

SAFARI BOW TENTS



TRAVELLER SAFARI BOW
2.1m x 2.1m x 1.5m

RANGER SAFARI BOW
2.1m x 2.1m x 1.8m

SAFARI DELUXE BOW



JUNIOR SAFARI BOW
2.5m x 2.5m x 1.9m

SENIOR SAFARI BOW
3.0m x 3.0m x 2.2m

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.5m

SAHARA DELUXE



6m x 2.9m x 2.5m

SAHARA LODGE



8m x 2.9m x 2.5m

SAHARA GRAND



8m x 2.9m x 2.5m

SLUIT EN-SUITE-BADKAMER IN

EETKAMERSKUILING

- > RIPSTOP-SAFARISEIL
- > GEEL GEPAASSIVISEERDE STAALRAAM
- > NYLONHOEKE
- > 3 GROOT SEILKLAPPE
- > 3 GROOT SKADUNETKLAPPE
- > 1 DEUR
- > 6 POTE



Heeltemal oop



Skadunet toe



Heeltemal toe



Deur- & venster-openingshake



Agerdeur




Venster maak buite toe

Groot vensters maak heeltemal oop

Touglyer wat glim in die nag

SENIOR GAZEBO



3m x 2.8m x 2.3m

SENIOR GAZEBO OPSIONELE EKSTRAS



Symuur met Vensters



Eindmuur met rits



Soliede eindmuur



Soliede symuur



Gazebo & Senior Boog koppelstuk

JUMBU GAZEBO OPSIONELE EKSTRAS



Symuur met Vensters



Soliede symuur



Eindmuur met rits

JUMBU GAZEBO



EETKAMERSKUILING DELUXE

- > 6.0m x 2.9m x 2.5m
- > DAK - 400 gsm SAFARI-RIPSTOPSEIL
- > KANTE - 320 gsm RIPSTOP-SAFARISEIL
- > 25 mm RAAM VAN VLEKVRYE STAAL
- > NYLONHOEKE
- > 8 SEILKLAPPE
- > 3 SKADUNETKLAPPE



OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



BIG WHEEL-TROLLIE



PORTA POTTI



DRAAGBARE WASBAK



OPSLAANVULLISDROM



KUDU-BRAAIROOSTER

- > 500mm x 415mm x 20mm
- > Vaste handvat



BUSHBUCK-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x 20mm
- > Vaste handvat



WATERBUCK-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x verstelbare boonste rooster
- > Vaste handvat



IMPALA-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x 20mm
- > Glyhandvat



SPRINGBOK-BRAAIROOSTER

- > 430mm x 340mm x 20mm
- > Glyhandvat



MULTI-HOOGTE-BRAAI-ROOSTERSTAANDER



ROOSTERBORSEL



BRAIBORSEL



KLEM-BRAAITANG



16"-BRAAITANG



DAKTENT DELUXE

1.4m x 2.4m



OPVOU-GRAAF



"DEAD BLOW" HAMER



SKOTTELGOEDTAFEL



SELF-OPBLAAS MATRAS




OPVOUBEDDENS



OPVOU TAFELS



OPVOU ALUMINIUMSTOEL-/TAFEL



OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WATERHOUSE

agra

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Help jouself

Die instandhouding van jou woonwa is net so deel van kamp as agteroorst langs die braaivleisvuur. Iewers gaan 'n mens die remme moet nagaan of dalk die drade van die ligteprop weer koppel.

Dalk sien jy kans om self 'n ruit te vervang of miskien is dit tyd vir nuwe gasstutte vir jou wa se opwipdak.

Hierdie gids is vir kampeerders wie se hande jeuk. Maar instandhouding begin nie by die vervanging van afgeloopte bande of die nagaan van die koppelstuk nie.

Voorsorg is altyd beter as nasorg –

en daarom sluit ons ook wenke in wat wissel van hoe om jou woonwa te berg regdeur tot die dilemma van houtvrot. Jou sleepvoertuig is ewe belangrik en ons kyk onder meer na die welstand van jou battery.

Hiervoor het ons teruggeblaai tot by ons heel eerste *WegSleep*-uitgawe in 2006 en al die raad en wenke oor die jare heen – tot die nuutste uitgawe van *Ry & Sleep* – alles saamgevat in een tydskrif. Ons het selfs verder gegaan en verduidelik vir jou stap vir stap hoe om daai geroeste swartpot weer skoon te kry en jou handbyl nuwe lewe te gee.

Ons sluit af met 'n klomp slim planne wat ons van ons lesers ontvang het en raadpleeg ook die internet.

Ons kyk of droë salie in die kampvuur regtig muskiete weghou; hoe bou 'n mens jou eie kampwasmasjien met 'n dompelaar en 'n emmer, en nog baie meer.

Kom ons spring aan die werk!

Leon

Redakteur: *Selfdoengids 2023*
leon.botha@media24.com

INHOUD

IN 'N NEUTEDOP

Alles en nog wat 6

HOU 'N OOG

Só berg jy jou wa 12

Seilsorg..... 16

Batterysorg..... 20

Bande..... 24

Voorkom houtvrot..... 28

KOOP TWEDEHANDS

Kyk mooi voor jy koop..... 32

SPRING AAN DIE WERK

Die woonwaprop 35

Diens die neuswiel 36

Diens die koppelstuk 40

Sien die remme reg..... 44

Diens die wiellaers 48

Vervang self 'n venster 52

Vervang die opwipdaggasstutte..... 56

VUUR EN VLAM

Maak jou swartpot skoon 60

Slyp jou byl..... 68


Tuisgemaakte vuuraanstekers..... 72

MAAK 'N PLAN


Lesers se slim kampplanne 78

FOEFIES OF NIE?

Die internet is vol idees..... 88



7



31



40



59



90

REDAKSIE

REDAKTEUR: SELFDOENGIDS LEON BOTHA - leon.botha@media24.com

REDAKTEUR: RY & SLEEP SCHALK JONKER - schalk.jonker@media24.com

JOERNALIS CYRIL KLOPPER - cyril.klopper@media24.com

UITLEGKUNSTENAARS DOMINIC WIENAND - dominic.wienand@media24.com

OWEN WILLOUGHBY - owen.willoughby@media24.com

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD - peter@subteks.co.za

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY - desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 ISHMET DAVIDSON

HOOFBESTUURDER: LEEFSTYL EN NUUS MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOFBESTUURDER NERISA COETZEE

FINANSIËLE BESTUURDER JAMEELAH CONWAY

BEDRYFSBESTUURDER EDWINA LYNNERS

SIRKULASIEBESTUURDER ARMAND KASSELMAN

armand.kasselman@onthedot.co.za

HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: BORGSKAPPE EN KOMMERSIEEL NIKKI RUTTIMANN

nikkir@media24.com

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL

danie.nell@media24.com 082 859 0542

KLIËNTEBESTUURDER SHARLENE SMITH

sharlene.smith@media24.com 083 583 1604

KLIËNTEBESTUURDER SANETHA MEINTJIES

sanetha.meintjies@media24.com 082 957 9747

MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE LISE VAN BREDA

wlise.coetsee@media24.com

HOOF: DIVERSE PROJEKTE FRANCOIS MALAN

francois.malan@media24.com

KREATIEWE ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF MICHAEL DE BEER

BESTURENDE REDAKTEUR: KOMMERSIEEL GERDA ENGELBRECHT

BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI - andile.nkosi@media24.com

TEKSREDAKTEUR: ADVERTENSIES BRIGITTE BLANCKENBERG

AANLYNWINKEL YUMNA TOFEY - yumna.tofey@media24.com

KONTAK ONS

YUMNA TOFEY 021 406 2205 - yumna.tofey@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES 19de verdieping, Media24-gebou,

Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuyustraart 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

087 353 1300 | +27 21 065 0033 (internasionaal)

Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333

SMS "diens" na 31069 | subs@media24.com



DRUKWERK CTP

Alle regte word voorbehou.



Ry & Sleep is 'n lid van die Ouditburo vir Sirkulasie



© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24



ALLES EN NOG WAT

Om 'n woonwa te besit beteken dit nie net haak, sleep en vuur aansteek nie. Net soos jou sleepvoertuig het hy soms ook 'n bietjie ekstra aandag nodig. As jou wa dus in die winter 'n blaaskans kry, moet jy seker maak hy slaap veilig en lekker.

As jou woonwa, boswoonwa of sleepwa vir 'n paar maande gestaan het, is daar dalk skielik 'n klomp dinge wat nie meer so lekker werk nie. Dan moet jy kies: Óf jy hoës 'n klomp geld vir 'n diens óf jy doen dit self.

Dis maklik en redelik goedkoop om jou eie wa te diens en te onderhou. Die geheim is 'n volledige kontrolelys. As jy volgens so 'n lys werk, is die kans skraal dat jy iets sal vergeet.


En as jy nie self jou wa diens nie, kan jy sommer die lys gebruik om te kyk of die manne by Haastige Hennie hulle werk behoorlik gedoen het.

Hier's 'n paar dinge wat gereeld nagegaan moet word.

ONDERSTEL EN VERE

Die onderstel dra die hele wa, en daarom moet jy deeglik inspeksie doen. Moenie net buk en loer nie; gaan lê en bekijk die onderstel ordentlik, want as dié die gees gee, kan jy gestrand word op plekke waar jy nie gestrand wil wees nie.

Maak dit skoon en glad. Kyk of daar roes is op die onderstel en vering. Maak dit skoon en behandel dit waar nodig met 'n lekseltjie onderstelverf. Ghries dan die bewegende dele en vervang die verslete wasters.





Soek vir krake. Kyk veral by die sweisplekke vir krake en fyn barsplekkies. En vergeet hier maar van bloudraad en kougom; kry 'n deskundige om dit behoorlik te ondersoek en herstel.

'n Huppel in die stap. Terwyl jy onder die sleepwa lê, kyk sommer na die veerstelsel. Die een punt van die vere is los en beweeg deur 'n rigiede boogskakel. Dit móét kan beweeg, anders buig dit as jy deur 'n erge knik ry – en dan is jou wa se onderstel niks beter as 'n kruise s'n nie, selfs al werk jou skokbrekers.

Hoe lyk daai skokbrekers? Die as van die skokbreker moet ondertoe wys, en 50% daarvan moet sigbaar wees.

As jy iewers 'n lekplek gewaar, vervang maar eerder die skokbreker. Moenie kansë waag nie.

Drade en pype. Baie van jou sleepding se bedrading en waterpype loop onder deur die wa. Kyk of alles nog heel is.

Is die as vas? Sorg dat die U-boute om die as behoorlik vasgedraai is.



KOPPELSTUKKOP

As die tong van die koppelkop los is, kan jy jou wa oor die eerste knik in die pad verloor. Maak seker dit werk soos dit moet.

- Kyk of die sok nog koppel.
- Gaan die koppelsok wat jou wa aan die trekstang koppel, deeglik na.
- Kyk eers binne om te sien of die tong nog heel is, so nie sal jy die hele

koppelstuk moet vervang. Die tong is belangrik, want dit sluit die koppelstuk aan die bol van die trekstang.

- Die koppelstuk het 'n stang en skokdemper. As die stang heeltemal teruggedruk is, behoort die demper die stang weer ten volle uit te stoot. Indien nie, vervang die demper.
- Ghries die stang – daar is gewoonlik twee ghriespunte.



- Spuit skoon en ghries die wiele.
- Haal die wioldromme af en spuit die hele stelsel skoon. Gebruik 'n bietjie paraffien. Gaan die remskoene na en vervang dit indien nodig.

Stel die remme en handrem

- Aan die onderpunt van die handremstelsel is daar 'n lang as wat met 'n moer verstel kan word. By daardie punt is daar ook twee verstelmoere vir die remme – een vir elke wiel. Sorg dat hierdie twee verstelmoere haaks loop met die sentrale as. Dan behoort albei wiele gelyktydig te rem. Soms moet jy maar heen en weer verstellers maak totdat albei wiele gelyktydig rem.

DIE BAKWERK

Binne

- Jou woonwa se deure, skarniere, slotte en handvatsels kry deur die jaar baie stampe en stote. Gee alles 'n bietjie olie.
- Kyk of jou tafels se hegpunte nog stewig is.
- Werk al die ritssluiters nog? Sluit die muskietnet dig?



REMME EN KOPPELINGS

As jou sleepwa swaarder as 750 kg is – en dit is die vraag ingesluit – moet hy 'n remstelsel hê.

OLIE EN GHRIES

Kyk of die handremstelsel glad werk


- Die handrem het 'n spiraalveertjie binne-in: Maak seker dis goed geolie. Ghries daarna dan ook die handrem se ratsluitstuk.





Buite

- Kyk na die bakwerk en alle seile, afdakies en toerusting wat buite aan die wa geheg word.
- Gaan al die slotte, skarniere en handvatsels na. Olie is hier waarskynlik meer nodig as aan die binnekant.
- Kyk of al die boute, moere en hegstukke ordentlik vas is.
- Jy wil hê jou wa moet vir 'n lang ruk mooi bly. Kyk veral na die afwerkingsrubber of -materiaal. Die belangrikste is dat die stofdigtingsrubber by die deur en vensters nog heel is.
- Baie woonwaens en sleepwaens het 'n deksel of dak wat ooplig. Maak seker die skarniere en gasstutte werk behoorlik. Jy wil nie jou hele vakansie gebukkend deurbring nie.
- Bekyk die sonpaneelstelsel, veral die koppelings en koorde.
- Kyk of die watertens of -houers en jerrykanne (en hulle monterplekke) nog stewig is.
- Toets of die hoekstutte maklik open afdraai. Bring maar daai ghries.
- Moet nie die toestand van die woonwa se bande vergeet nie. (Sien bl. 24.)



KYK NOG VERDER



Reg vir 'n stort

Gaan die stortstelsel en krane na en toets dat alles behoorlik werk. Toets ook die geiser.



Hy werk, hy werk nie...

Kyk of daar barste of krake in die flikker- en remligte se lense is.



Waar's die water?

Maak seker die waterpomp werk. Draai die krane oop en kyk of die water vloei. Kyk of daar lekplekke is by die pomp, krane of pype.



WENK

Batterye ontlai wanneer dit nie gebruik word nie – des te meer so in koue weer. As jou woonwa dus gedurende die wintermaande staan, haal die battery uit en laai hom "stadig" met die regte laaier (*trickle charge*).




Hoeveel skop nog?

Terwyl jy nou hier besig is, toets die yskas, ligte en ander elektriese toestelle. As die battery te min skop het, wag tot dit gelaai is en toets dit dan weer.



Laai-lai riepa

'n Battery is duur en verg deeglike onderhoud. Laai jou batterye gereeld en hou dit gelaai. Dit moet verkieslik een keer per maand vir 24-48 uur gelaai word.



Aan, af... aan, af...

Gaan die kragbeheerstelsel na en kyk of dit behoorlik werk en in staat is om die batterye te herlaai. Toets al die skakelaars. As die ligte nie werk nie, is daar 'n probleem met die gloeilamp, die bedrading of konneksies. Kyk ook of die binne- en buiteligte werk.



Die riemtelegram

Gaan kragproppe en verleng koorde na vir skade.



Aarde toe

Baie kragbeheerstelsels het nie 'n aardlekkasie-skakelaar vir veral 220V nie. Ons beveel aan dat jy so 'n eenheid insit, want jy gaan nogal omgekrap wees as 'n stotterende kragstroom jou nuwe yskas blaas – en dit net omdat jy nie so 'n skakelaar het nie. Verhoogde kragstrome (of "spikes") kom voor by plekke waar daar 'n wisselvallige stroom is óf as jy 'n kragopwekker gebruik. Voorsorg is beter as nasorg. Maak seker die aardlekkasie werk behoorlik.



Waar kom my krag vandaan?

Toets die ys- en vrieskas met 220V, 12V én met gas, veral as dit vir lank nie gebruik is nie. Dalk het die yskas se gas uitgelek en moet die silinder hervul word.



Vrou, ek ruik gas

Kyk of daar enige vorm van verwerking is by die gaspype en -verbindinge.



SÓ BERG JY JOU WA

Een van die groot kwelvrae onder nuwe slepers is hoe jy nou eintlik jou wa bêre as die vakansie verby is. Selfs ou slepers wonder nog...

Om die kampvuur en op internetforums het slepers verskillende menings oor hoe jy 'n woonwa behoorlik bêre. Sommige eienaars sê die enigste goeie plek om 'n wa te bêre is onder dak, tussen vier mure en agter toe deure. Party ouens bou 'n geteelde woonwagargage. Ander sê

'n skadunetafdak is voldoende. Party sê die woonwa se opwipdak móét oop staan terwyl die woonwa nie gebruik word nie; ander meen dit móét toe wees.

Nog 'n vraag is of die wa maar op sy wiele kan staan en of jy die wiele moet afhaal of lig.

Daar is nie 'n enkele resepte of antwoord

nie, het die woonwadokter Johannes Knipe in Kaapstad destyds vir ons vertel.

Dit hang af hoeveel jy jou wa sleep en vir hoe lank jy hom bêre. Die klem moet ook nie net val op hoe jy jou wa bêre nie. Hoe jy hom onderhou en oppas, is ewe belangrik. Jy kan maar sê die ABC van woonwasorg is BSD: Bêre, Seël, en Diens.



BÊRE HOM SÓ

Dit is goed om 'n motorhuis of spesiale woonwa-garage vir jou wa te hê, maar nie noodsaaklik nie.

Dit kan 'n duur storie wees, maar as jy nie die plek of geld daarvoor het nie, kan jy 'n ander plan maak. 'n Afdak van skadunet wat 90% sonlig afweer, is vol-doende, sê Johannes.

"My eie Exclusive staan onder so 'n afdak. Ek hou daarvan, want my wa haal asem onder die net en staan nie

en sweet soos met party woonwakom-berse nie. Met 'n gesweterij kan jy maklik houtvrot kry. Moenie dat die stof jou pla nie. Gee hom 'n goeie was en hy lyk weer nuut."

As jy jou wa net vir 'n maand of twee tot jou volgende naweekkamp gaan parkeer, is dit onnodig om sy wiele af te haal of om hom met sy wiele in die lug te laat staan. "Alles hang af van hoe lank jy jou wa gaan bêre," sê Johannes.



"Daar is 'n verskil tussen parkeer en bêre. As die wa vir ses maande of langer gaan staan, berg jy hom met blokke onder die as en met die wiele afgehaal of in die lug.

"En laat sak maar daardie neuswiel as jou wa lank geparkeer staan – dit haal van die gewig van die voorste hoek-stutte af."



BANDE

Laat wiel met die pomp

"My wa staan nooit langer as 'n maand en 'n half nie, en ek het hom nog nooit met die as en wiele in die lug gestoor nie," sê Johannes. "Die banddruk moet net reg wees, anders dons jy hulle op. Die banddruk waarmee jy ry, is die druk waarmee hy moet staan. Ek pomp my woonwa se 14 duim-bande tot 3,2 bar – 13 duim-bande kan jy 2,8 bar pomp.

"Woonwabande bars dikwels omdat hulle nie hard genoeg gepomp is nie. Mense sal vir jou sê 'n band wat effens hard gepomp is, loop vinniger in die middel af, maar 'n band wat effens te sag gepomp is en vinniger aan die buitekante afloop, het 'n groter kans om weens wrywing te bars. Ek ry eerder my bande in die middel 'n bietjie vinniger af as om 'n band te bars.

"Een fout wat mense maak, is om die handrem aan te los terwyl die wa geparkeer staan. Jou wa gaan nêrens heen as jy die hoekstutte laat sak het nie. Jy kan ook remblokkies voor en agter die wiele insit.

"Om die handrem aan te los plaas onnodige stremming op die kables. Enige nattigheid tussen die remskoen en -drom kan ook vasgeknyp word en dit kan begin roes. Die skoene kan selfs teen die drom vasroes."



HOEKSTUTTE

Speel stut

"As jy jou wa vir ses maande of langer staanmaak, haal die wiele af of lig hulle van die grond af op. Bande wil nie vir 8 of 10 maande staan nie. Jy kan egter nie jou wa net op die hoekstutte laat rus nie," sê Johannes.

"Die as móét op blokke gestut word. 'n Woonwa se swakste deel is om die deur.

"As jy nie die wa onder die as stut nie en hy hang op die hoekstutte, kry jy daardie krake in die buitepaneel bo die deur. Ouens gee slaggate die skuld, maar dis nonsens."



SEËL HOM

Die seël en diens van jou wa is die belangrikste faktore vir sy behoud.

Om 'n woonwa te herseël is 'n werk vir die kenners, sê Johannes. "Jy kry ouens wat sê hulle seël, maar hulle doen dit sommer in 'n dag en versier eintlik maar net. Dit vat 'n gesoute ambagsman 'n week om 'n woonwa te seël – mits daar nie ernstige probleme of houtvrot is nie. Dis harde werk. Jy moet al die aluminiumstroke, rubbers, vensters en alles wat jy kan losmaak, afhaal en skoonmaak. Dan moet jy nuwe vlekvyre- of sagtestaalskroewe kry om die oues te vervang. Skroefies roes en die gate vrot waar die water inkom... en dan kry jy houtvrot."

'n Mens kan nie altyd die klein aluminiumroesgaatjies regdeur die buitepaneel met die blote oog sien nie en hulle veroorsaak ook houtvrot. Die deel met die roesgaatjies kan jy regmaak deur 'n plaat aan die agterkant oor die gaatjies vas te sit. "Ons gebruik Butylene-X vir die seëlwerk en Tectane vir die mooimaak en afronding om die aluminiumstroke, vensters en rande." (Albei dié seëlmiddels is van die seëlaarvervaardiger Den Braven.)



DAK, DEURE EN VENSTERS

Maak oop en toe


Om die woonwa se opwipdak te laat oopstaan het sy voordele, sê Johannes.

“Lig hom maar. Dit voel vir my die wa kry dan lug. Die bietjie stof wat inkom, kan ‘n mens mos maklik skoonmaak as jy die wa weer uittrek.

“Dit gebeur dikwels dat mense die dak laat toestaan, maar hulle het dalk die dakseiltjie op plekke nie mooi onder die opwipdak ingedruk nie en dan kan die dakrubber nie mooi seël nie. As jy dan jou dak weer oopmaak, sit jy met watermerke en skade aan die seil.

“Water wat in gleufies vasgekeer lê, kan die gasstutte daar in die toe dak laat roes. Jou vensters hou jy toe. Die yskas kan maar bly loop.

“Dit keer dat die pypies roes. Anders móét jy die yskas behoorlik skoon- en droogmaak en die deur móét oop staan.”



BATTERY

Los die laaier

“Daar is geen sin daaraan om die battery op die laaier te hou as die wa geberg word nie”, sê Johannes. “As jy ‘n tweede voertuig het wat by die huis staan terwyl jy kamp, is dit ‘n goeie plan om sy battery vir jou wa te gebruik. Voor jy gaan kamp, sit jy die voertuigbattery in jou wa – en terug by die huis gebruik jy hom weer in die voertuig.”



WENK

Reuke kan ontwikkel in woonwaens wat lank staan, veral in die kombuis en die badkamer.

Dit word waarskynlik deur aanpaksel binne die pype veroorsaak.

Maak dus eers die pype skoon voor jy die watertenks leegmaak. ‘n Goedkoop en vinnige manier is om bloot koeksoda en asyn te gebruik. Gooi eers kookwater in die pype en voeg dan ‘n paar lepels koeksoda by met die asyn laaste.

Los dit vir ongeveer 10 minute en spoel dit weer met nog kookwater uit – een vol ketel behoort die ding te doen.

Gebruik witasyn, want dit is minder geneig om te vlek en die reuk is ook nie so sterk nie.



SEILSORG

'n Tent is soos die getroude lewe: As jy aandag en liefde gee, loop alles klopdisseboom, maar as jy dit afskeep is buite slaap jou voorland.

Woonwatente word steeds van seil vervaardig – net soos 'n dekade of twee gelede. Tog verskil vandag se materiale heelwat vergeleke met dié uit die ou dae. Hedendaagse tentseil kan 'n leeftyd hou, maar die leeftyd van die tent hang af van hoe jy daarna omsien.

PASOP VIR SEEP

Die seilmateriaal word in die fabriek geseël pas nadat dit geweef is. Die materiaal word in 'n bad gedompel met 'n wasagtige seëlaar en 'n spesiale middel wat dit teen muf beskerm. Die seëllaag is dus nie net bo-op die materiaal nie, maar word in die weefsel geabsorbeer.

Huishoudelike seep en skoonmaakmiddels word hoofsaaklik gemaak om vetterigheid te verwyder. As jy dus gewone seep

gebruik om jou tent te was, loop jy die risiko om die wasagtige seëlaar te vernietig – en dat jou tent sal lek.

Die materiaal as sulks kry nie noodwendig skade van 'n goeie skrop met seep nie, maar die waterdigtheid is dan daarmee heen.

Probeer eerder om van die vlekke op die seil ontslae te raak met loutwarm water en 'n sagte spons. As 'n lastige hadida egter 'n draai gemaak het by 'n moerbeiboom, gaan water self nie veel help nie – dan moet jy soos volg te werk gaan:

- Gebruik 'n koekie groen Sunlight-seep. Moet onder geen omstandighede skot-telgoedwasseepp of waspoeier probeer nie – dit is te sterk en sal die seil beskadig.
- Verdun die seep deur dit in loutwarm water af te vryf totdat die water melkerig begin word.





- Skrop egalig oor 'n groot gedeelte en nie net op een kolletjie nie.
- Borsel liggies oor hardnekkige vlekke.
- Onthou, jy sal nie sien of jy die materiaal beskadig terwyl jy skrop nie. Op die oog af lyk alles in die haak – jy sal eers uitvind of die tent nog waterdig is wanneer 'n donderbui laatnag uitsak.
- Maak vrede met vlekke as hulle ná die was nog daar is. Jou tent het nou "houding". Dis óf die vlekke of 'n lekplek.

'N 'KRAAK' OP DIE NAAT

Wanneer jou tent begin lek, sal dit waarskynlik eerste op die nate wees. Wanneer jou tent die eerste keer nat word, swel die gare uit en seël die gaatjies waardeur dit

geryg is. Omdat lug meestal darem effens vogtig is, krimp die gare nie weer veel wanneer die tent droog word nie – tensy jy dit jare lank op 'n kurkdroë plek bêre. As 'n naat wel aanhou lek, kan jy 'n tentseëlaar daarop aanwend om dit weer waterdig te kry.

LASLAPPIE

As jy per abuis jou tent in 'n haak-en-steekbos opslaen óf hom iewers vasknyp en 'n gaatjie daarin maak, is dit nie die dood van Katryn nie. Jy kan die stukkende deel lap, amper soos die binneband van 'n fiets. Die meeste tentseile word deesdae op die ripstop-manier geweef, en daarom is die kans skraal dat 'n skeur of gaatjie somer vanself verder sal skeur.

Kry 'n lapseëlsetletjie by jou naaste kampwinkel sodat jy jou tent maklik kan herstel. Die belangrikste is om nie die stuk wat jy oor die stukkende plek wil plak, vierkantig te knip nie, maar rond. Plak die gaatjie dan aan weerskante van die seil toe.

As jy nie só 'n herselsetletjie het nie, kan jy bloot 'n waterdigte materiaal met kontakgom aan albei kante van die materiaal vasplak. As jy in die boendes sit en niks anders tot jou beskikking het nie, sal boereband net so goed werk.

Die beste manier is om 'n stuk lap rondom die skade vas te werk. Moet dit egter nie self probeer op jou vrou se naaimasjien nie. Die materiaal is te dik vir 'n gewone masjien en kan hom goed opdons. Vat dit eerder na professionele tentmakers en sorg dat die lap op die regte manier vasgestik word.

PASOP VIR DIE SEELUG

Die seelug is nie net sleg vir jou kar nie – vir jou tent is dit ewe sleg. Jy kan selfs klein swart kolletjies kry wat op die tent neerslaan as jy lank by die see kamp.

Die buitenste laag van tentpale is vatbaar vir witroes, wat op sy beurt die paal verweer. Selfs die metaalgedeelte van 'n ritssluiters gaan nie roes vryspring nie. Gebruik 'n dun olie (soos Q20) en 'n lappie, en smeer 'n lagie oor die pale om die roes te voorkom. Moenie die pale met olie probeer spuit terwyl die tent opgeslaan staan nie; gebruik 'n lappie en smeer dit aan. Jy kan wel 'n bietjie olie binne-in die pale spuit om die binnekant te beskerm.



VERLENG JOU TENT SE LEWENSDUUR



Koel vs. kol

Voëls sit in bome, en tente onder bome kry blertse. Bome self, soos doringbome, kan ook boomgom op die tent mors.



Plan B

As jy nie 'n ekstra seil het nie, slaan die tent af op 'n skoon oppervlak soos plaveisel of gras. Probeer ook om nie op die seilgedeelte te trap terwyl jy dit opvou nie.




Hoes van roes

Moenie tentpenne saam met die tent opvou nie. Dit kan die seil beskadig of selfs roesvlekke veroorsaak.



Kook anderkant

Moenie naby of teen die tent kosmaak nie. Die oliespatsels van die kos sal die seil vlek.



Selfdoengids



WENK

Lig hom vir lug. Moenie jou tent op 'n betonvloer bêre nie, want sô kan die tent steeds vog trek. Bêre hom eerder op 'n droë rak, weg van die vloer af.



Maak bietjie droog

Moenie 'n nat tent opvou en bêre nie – laat hom eers heeltemal droog word. As jy in die reën opslaan, slaan die tent weer by die huis op sodat hy behoorlik kan uitdroog.



Vergeet van hoë druk

Moenie hoëdruktoestelle gebruik om die tent skoon te spuit nie – dis nie goed vir die materiaal nie.



Dubbeldoer

Slaan jou tent bo-op 'n grondseil op, al het hy 'n PVC-vloer. Op die manier kry jy nie modder aan die tentvloer wat dan teen jou tent kan smeer wanneer jy afslaan nie.



Hy't ook 'n siel

Hou enige oop vlam, gekonsentreerde seep en goed soos insekdoders en deodorante weg van tente.





BATTERYSORG

In een of ander stadium was die meeste van ons al die slagoffer van 'n pap battery. Maar jy kán terugveg – as jy weet hoe.

Die instandhouding van jou sleepvoertuig behels die versorging van ál sy komponente, en nié net die gewone items wat vervang word as jy hom invat vir 'n diens nie. Die battery is iets wat gereeld nagelaat word, waarskynlik omdat hy net elke paar jaar of so vervang moet word.

RY WANNEER JY KAN

Om seker te maak jou battery bly gelaai, moet jy jou ryding elke klompie dae aanskakel en die enjin vir 10-15 minute laat loop. Dit is die battery se eerste verdedigingslinie, maar dit is ook onnatuurlik om jou kar net in die motorhuis of oprit te laat staan en luier.

Klim eerder agter die stuur in en ry gou winkel toe vir melk en brood, want dit sal sorg vir goeie lugvloei deur die enjin – terwyl dit al die enjinvloeistowwe genoeg tyd gee om die optimale werktemperatuur te bereik.

'n Vinnige 20-30 minute behoort goed genoeg te wees vir die meeste voertuie.

MOENIE NET ONTKOPPEL NIE

Met selfs net 'n basiese begrip van hoe elektriese stelsels werk, maak dit sin dat dinge soos die kar se radio, horlosie en alarmstelsel nie die battery sal leegtap as jy bloot die battery ontkoppel wanneer jy nie die voertuig gebruik nie.

Dit is egter net deels waar – en dit hang boonop af hoe oud jou voertuig is. Moderne voertuie, veral die duurder Duitse modelle, het 'n ingewikkelde elektroniese blikbrein, en as jy bloot die battery ontkoppel, kan dit 'n nadelige uitwerking op jou motor se katoeters en selfs werking hê.


Indien jy nié met 'n ouer model ry nie, is dit 'n slim plan om te belê in 'n slimlaaier waarmee jy jou battery voltyds aan kan hou. So 'n slimlaaier – een voorbeeld is die 5 A-model van National Luna – beheer die stroom tot die minimum wat vereis word om 'n lang batterylewe te verseker. Dit sorg dat jou kar se elektronika 'n voltydse kragbron het.



“

Belê in 'n slimlaaier waarmee jy jou battery voltyds aan kan hou.

”



JAMMER, MY FOUT

Net omdat jou battery een keer pap geword het, beteken dit darem nie jy moet hom vervang nie. Jy moet hom heel waarskynlik net weer aan die gang kry – of *jump start*, soos die Engelse sê.

Die meeste motoriste het 'n stel oorleikabels in die bagasiebak, maar dit beteken jy gaan moet wag tot 'n barmhartige Samaritaan by jou stilhou. Maak ook seker jy beskerm jou voertuig se elektroniese stelsel deur nie die rooi (positief) en swart



(negatief) knyper te verwar nie. Jou smeltdrade kan in die slag bly terwyl dit ander katoeters erg deurmekaar kan maak.

Die voertuie moet nie aan mekaar raak nie, en sit die rooi klem dan op die battery se positiewe pool. Los die swartklem ongekonnekteer. Maak die knypers aan die skenkerbattery vas en vind dan 'n goeie gronding vir die swart knyper – soos 'n kaal stuk metaal waar daar nie bewegende onderdeel is nie. As jy die

swart knyper aan die battery koppel, kan dit daartoe lei dat van die walms aan die brand slaan.

Dit is ook 'n goeie plan om te belê in 'n draagbare laaistelsel wat genoeg woe- ma het om nuwe lewe in 'n dooie battery te blaas. Sommige produkte is kleiner as ander. Die Avanty is bonkiger as ander, maar nommerpas vir avontuurreisigers.

Gelaai kan hy jou kar tot 30 keer aan die gang kry.

PASOP VIR DIE POEIER

As jou ryding vir 'n lang tydperk gestaan het en nie wil aanskakel nie, moet jy die enjinkap (of die bagasiebak in karre soos die E53 BMW X5) oopmaak en die battery bekijk. As daar 'n poeier om die battery se negatiewe pool opgebou het, is daar 'n goeie kans dat jy met sulfasie te doen het.

Sulfasie is die proses waardeur sulfaat-kristalle vorm en op die batteryplate aanpak. Dit lei tot 'n wit laag wat die vloei van elektrone beperk. Ons het destyds met John "JR" Coetzee, produkbestuurder van die Probe-groep se batteryafdeling, gesels, en hy sê die proses is soortgelyk aan wanneer kristalle in heuning vorm.

"Wanneer die stroomspanning laer as 12,4V daal omdat jy jou ryding lank nie gebruik het nie, neem sulfasie die aktiewe materiaal oor. Wanneer jy jou voertuig gebruik, is die aktiewe mate-


riaal deurgaans in kontak met die elektroliet, oftewel batterysuur, en dit sorg vir die elektriese energie. Wanneer die aktiewe materiaal onder 'n laag kristalle is, is daar baie min kontak met die elektroliet, en dit het tot gevolg dat jou battery nie op sy beste werk nie," sê John.

Hoe langer 'n battery met 'n stroomspanning van minder as 12,4V staan, hoe vinniger vind sulfasie plaas. Dit kan later daartoe lei dat jy die battery moet vervang. John sê sommige produkte beweer hulle kan die sulfasieproses omkeer en dat dit moontlik is om die kristalle af te breek, maar waarsku dat dit 'n groot waagstuk is. Dit is omdat batterye deesdae geseël is, wat beteken jy moet dit



teen 'n hoë spanning in 'n hoë temperatuur laai.

Die vervaardigers van sommige herlaaistelsels beweer ook hulle het die chemiese oplossing om die proses om te keer, maar dit hang af van hoe ernstig die kristalle op jou battery aangepak het. John sê ook daar is nie genoeg bewyse om met sekerheid te sê die omkeringsproses werk 100% nie.



AS JY ALLES PROBEER HET

Wanneer jou battery finala die gees gegee het en jy 'n nuwe een moet koop, is dit nie bloot 'n geval van een van dieselfde grootte aanskaf nie.

“Daar is heelwat innovering in die motorbedryf, en met karre wat deesdae met 'n knoppie aansakel, moes battery-tegnologie noodgedwonge byhou. Veral motors wat met knoppies aan- en afsakel, het 'n spesiale soort battery nodig wat aan die vereistes van die aansakelaar, voldoen” sê John.

Die meer verfynde aansakelstelsels vereis 'n glasmatsby battery, oftewel een waar die loodsuur met kleppe gereguleer word. In dié battery is die verdelers van politeen vervang met glasmag, wat die elektroliete absorbeer.

Afgesien van die aansakelvereistes van moderne voertuie wat verander het, vereis die vervaardiger ook dat die stroom deurgaans vloei.

In sommige voertuie, soos die E53 BMW X5, is daar 'n positiewe en negatiewe voerpunt in die enjinkap sodat jy

die stroom kan volhou terwyl die battery vervang word.

Die jongste voertuigtegnologie vereis dat jy al die foutkodes herstel deur die nuwe battery in die voertuig te registreer.

Dit is om seker te maak dat die battery aan al die vereistes vir die motor se elektronika voldoen.





BANDE

Dis 'n feit soos 'n koei dat jy een of ander tyd jou wa se bande. gaan moet vervang. Dis altyd 'n duur storie, maar jy moet mooi kyk vóór jy dit doen, anders kan dit jou nóg duurder te staan kom.

Om bande te vervang is nooit lekker nie – dit voel altyd of dit 'n klomp geld is wat net daarmee heen is. En hoewel ons verstaan dat jy gaan rondsoek vir die beste waarde vir geld, is dit nie altyd 'n goeie plan om eerlike Eddie se winskoopbande van die week op jou wa te sit nie. Daar is 'n klomp dinge wat jy in ag moet neem.

'n Goeie vertrekpunt is om te kyk hoe vervaardigers besluit op die bande waarmee hulle waens uit die fabriek kom. Clive Cox, wat ontwikkelingsbestuurder was by die destydse Jurgens Ci, sê as dit tyd word om nuwe bande vir jou wa te koop, moet jy sover moontlik hou by die spesifikasies van die bande waarmee die woonwa uitgekom het.

Maar wanneer is dit tyd om hulle te vervang? Volgens die Padverkeerswet is jou bande wettig as daar nog minstens 1 mm loopvlak oor is op die band. Die loopvlak moet reg oor die breedte en

VINNIGE FANIE

Die spoedperk van elke motorband word deur middel van 'n simbool aangedui. Die perk word gemeet en bepaal teen 'n volgehoue maksimumspoed.



SIMBOOL	SPOED (KM/H)	SIMBOOL	SPOED (KM/H)
E	70	R	170
F	80	S	180
G	90	T	190
J	100	U	200
K	110	H	210
L	120	V	240
M	130	W	270
N	140	Y	300
P	150	Z	240+
Q	160	ZR	240+

SWAAR DRA AL AAN DIE EEN KANT

Die dravermoë van bande word volgens dié internasionaal erkende vragindeks geklassifiseer. Hierdie is slegs 'n uittreksel. Die indeks loop tot by 179 – vir bande met 'n dravermoë van 7 750 kg.



VRAGINDEKS	KG PER BAND	VRAGINDEKS	KG PER BAND	VRAGINDEKS	KG PER BAND
76	400	95	690	114	1 180
77	412	96	710	115	1 215
78	425	97	730	116	1 250
79	437	98	750	117	1 285
80	450	99	775	118	1 320
81	462	100	800	119	1 360
82	475	101	825	120	1 400
83	487	102	850	121	1 450
84	500	103	875	122	1 500
85	515	104	900	123	1 550
86	530	105	925	124	1 600
87	545	106	950	125	1 650
88	560	107	975	126	1 700
89	580	108	1 000	127	1 750
90	600	109	1 030	128	1 800
91	615	110	1 060	129	1 850
92	630	111	1 090	130	1 900
93	650	112	1 120	131	1 950
94	670	113	1 150	132	2 000

omtrek van die band eweredig wees, en die patroon steeds duidelik sigbaar.

Clive waarsku egter dat bande ook verval, selfs al het hulle nog meer as genoeg van hulle loopvlak oor. "Daardie rubbersamestelling van jou band het 'n vervaldatum – gewoonlik rondom vyf jaar ná die vervaardigingsdatum," sê hy. "Die datum waarop jou band vervaardig is, is op die sywand aangebring.

"'n Mens hoor gereeld van mense met veral ouer woonwaens wat hulle 'n klompie jare nie gebruik het nie. Hulle gaan kamp en dan bars die band kort nadat hulle begin ry het. Dit is omdat die band verval het, selfs al was sy loopvlak nog goed," sê Clive.

"Die een ding wat 'n mens van woonwa-bande moet onthou, is dat hulle nooit regtig hulle lewensduur bereik wat kilometers betref nie. Dit is nie soos op jou kar waar jy 60 000-80 000 km met jou bande aflê nie. In dieselfde tydperk sal jou woonwa dalk net 15 000 km aflê. Maar jy moet hom steeds ná vyf jaar vervang."

HANDHAAF 'N LAE PROFIEL

Maar hoe gemaak as jy 'n slag jou wa wil opdollie met blinknuwe 17 duim-vellings en 'n stel laeprofielbande?

Jy kan en mag dit doen, sê Clive, mits die velling én die band die vragindeks het om jou wa se BVM te kan dra. Onthou, dit word deur twee gedeeltes – as jy dus nuwe vellings en bande op byvoorbeeld jou Tourer SW wil aanbring, moet hulle onderskeidelik 'n gewig van minstens 725 kg kan dra. Jy moet ook seker maak die algehele deursnee van die velling en die band is dieselfde as die standaardband waarmee die woonwa in die fabriek toegerus was.

Die rede hiervoor is jou wa se remme. Dit is gestel volgens die spesifikasies van die standaardvelling en band, en as jy dit oorskry, kan jy in die pekel beland. Moet dus nie 'n groter velling aanbring en dan dieselfde profiel band gebruik as die standaard nie. Neem altyd die algehele deursnee van die kombinasie in ag.

Clive stel voor jy gesels met jou plaaslike handelaar en vertel hom van jou planne om dit hoor of dit sal werk.

Nog iets wat jy in ag moet neem wanneer jy nuwe vellings wil opsit, is die posisie van die middelpunt (waardeer die wielboute gaan). Clive sê dit moet ooreenstem met die wa se oorspronklike velling.

"As die middelpunt verder weg van die onderstel af sit as die oorspronklike, gaan

jy 'n situasie hê waar jy die gevaar loop dat die band te naby aan die wa is. En as hy te naby aan die onderstel sit, gaan jou band buite die wielboog uitsteek. Nie een van dié situasies is goed vir jou wa óf jou bande nie."

LAAT DIE WIELE ROL

Clive beveel aan dat jy jou wa se wiele minstens een keer per maand roteer wanneer hy vir lang tye by die huis staan. Hy sê bande wat lank stilstaan, plat af aan die onderkant – dis wat veroorsaak dat jy 'n klopgekluid hoor wanneer jy die eerste keer in 'n lang ruk sleep.

Wat banddruk betref, sê Clive jy moet jou laat lei deur die aanbeveling wat bo jou wa se wielboog aangebring is.

"Vir padwaens is dit gewoonlik rondom 2,5 bar, afhangende van hoe swaar jou wa gelaai is. Hoe swaarder jou wa, hoe nader moet jy die band aan sy toegelate maksimumbanddruk pomp."

PAS DAAI BANDE OP

Jou bande gaan heelwat langer hou as jy daarna omsien, ongeag die handelsmerk wat jy verkies. Om vir die petroljoggie te vra om die banddruk na te gaan terwyl hy die tenk vol brandstof tap, is nie genoeg

nie. Hou eerder self 'n oog oor jou bande. Jy sal geld spaar en nie die risiko loop van 'n stel gehawende bande onder jou sleepkombinasie nie.

Ons het destyds by Johann Viljoen van 1st Alignment Centre in Kaapstad raad gekry hieroor.

MAAK 'N NOTA

'n Mens maai wat jy saai. Jy kan nie rêrig voorspel hoe lank 'n band gaan hou nie – dit hang af van dinge soos die padoppervlak waarop jy ry, die banddruk en wielsporing. Grondpaaie vreet jou bande vinniger as teer, en die verkeerde banddruk of wielsporing kan die lewensduur van 'n band erg in die wiele ry.

Rus 'n bietjie. Wanneer jou woonwa lank staan, is dit beter om die wiele af te haal of die wa te lig sodat die bande nie vag dra nie. Bande wat lank staan, kan vervorm en dan 'n swak plek opdoen.

Pasop vir die son. As jy wel die wiele aan los terwyl jou wa oorwinter, probeer die bande weghou van aanhoudende direkte sonlig. Die ultravioletstrale maak die rubber hard. Trek 'n stuk plastiek oor hulle om die son weg te keer.


"Verstik" eerder. Die meeste mense pomp hulle bande vol gewone lug. Soek eerder stikstof – dis te kry by uitgesoekte bandehandelaars. Dit is 'n meer stabiele gas wat die band onder meer koeler hou en stadiger uitlek as lug.

Veilige Fanie. Deesdae se binnebandlose buitebande (*tubeless*) is baie veiliger as die eertydse buiteband met 'n binneband. As 'n binneband 'n gat in kry, kan hy bars. Jy kan egter wel 'n binneband in 'n binnebandlose buiteband sit in 'n noodgeval, byvoorbeeld as jy êrens diep in Afrika 'n band só beskadig dat jy hom nie kan *patch* nie.

1 + 1 is nie altyd 2 nie. Jou banddruk bly nie noodwendig konstant nie. Wisselende temperatuur kan die druk met tot 0,3 bar laat verander. Pomp dus die bande wanneer hulle koud is, voor jy 'n kilometer gery het, of nadat die motor vir drie uur gestaan het, om die akkuraatste banddruklesing te kry.

Onthou sy aftreeouderdom. Bande moet ná vyf jaar vervang word (indien nie vroeër nie). Op die sykant van die band is 'n viersyfergetal, byvoorbeeld 4620. Dit beteken die band is in die 46ste week van 2020 gemaak.

DIS WAT DIE NOMMERS SÊ



Diékant toe! Party buitebande word gemaak om in 'n sekere rigting te draai en behoort die inskripsie "Directional" daarop te hê. Die groewe van dié bande, wat algemeen is by sportmotors, loop groter na agter en verplaas byvoorbeeld water doeltreffender.

Ruiltransaksie. Dit is 'n goeie plan om jou motorbande elke 5 000 km te ruil. Die voorste twee moet oorkruis na agter en die agterstes reguit vorentoe gaan.

Kyk daar. Soek in jou motor se deure, gewoonlik aan die bestuurder se kant waar die deur oopmaak, teen die kosyn, na

'n plakker wat die regte banddruk vir 'n leë of gelaai voertuig aandui.

Meng maar. Jy kán verskillende vervaardigers se bande saam op jou kar gebruik, solank die spesifikasies dieselfde is. Gebruik wel verkieslik dieselfde handelsnaam op dieselfde as.

Soort by soort. Al kan jy verskillende bande saam gebruik, moenie lae- en hoëprofielbande meng nie. As bande se omtrek verskil, kan dit byvoorbeeld in die geval van 'n 4x4 die ewenaar beskadig.

Koop en daar gaat jy. Dit is nie nodig om nuwe bande in te loop nie.

WEES GEREED VIR DIE AVONTUUR, **BEPLAN VOORUIT**

Ons uitgebreide reeks toerusting help jou om vandag te beplan sodat jy voorbereid is vir môre. Waar ook al jou bestemming geniet die avontuur!



Leatherman Wave + Bundle
(SH5 Solidline)



Red-E Jumpstarter
Powerbank 16 000mAh



SecureTech 8Ton Recovery Kit



TrailBoss Recovery Tracks

**Outdoor
Warehouse
Dienste**



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

32 Winkels Landswyd

Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tolvry

Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop



OutdoorW



Outdoorwarehouseza



VOORKOM HOUTVROT

Houtvrot is 'n kwaal wat selfs moderner woonwaens teister, maar jy kán verhinder dat jou wa se nat neus in 'n erge bronchitis verander.

Die probleem begin gewoonlik by die lasplekke, meestal wanneer water verby die rubberseëls en aluminiumstroke van jou woowna se dak en vensters lek. Sonlig, wind en reën laat die rubber hard word, wat beteken dit seël uiteindelik nie meer behoorlik nie en water en vog kan deurkom. Geroeste skroefies onder die seëls veroorsaak ook klein gapings waar vog tussen die panele en raamwerk kan insluip. Handvatsels is nog 'n probleem, veral wanneer die plastiek begin verweer.

Onthou, die buitekante van die panele – en ons verwys hier na die ouer en standaardpadwoonwaens – is van aluminium gemaak, en die binneste het laaghout met 'n plastieklaag oor. Daarom is dit waterdig, maar sodra vog binne-in vasgevang word, bly dit binne. Hoe meer die hout vrot, hoe makliker sal water insypel en die vrot versprei.



BOKS




STAPELBAAR:
(PAS OP OU EN NUWE
AMMO-BOKS)



KNIP:
NUWE ONTWERP
BETER STERK KNIP
MET DUIMGREEP
(APART BESKIKBAAR)



KNIP:
GERIEFLIKE SLOT




KNIP:
REGHOEKIGE OPENING
VIR KNIP OM TE SLUIT



KNIP:
MAKLIK OM TE
VERVANG



VOOR:
V-VORMIGE, VERSTERKTE
VOOR- EN AGTERKANT



HOEK:
VERSTERKTE DOUBBEL-
WAND-HOEK




BINNEGROOTTE:
46cm x 36cm x 21cm
OMTRENT 35 LITER



SYKANT:
GERIEFLIKE
DRAHANDVATSELS



BOKANT:
KEPE VIR DRABANDE



DEKSEL:
VERSINKDEK-
SEL-ONTWERP

WATERKANAAL:
WATER VLOEI WEG DEUR DIE
DREINERINGSKANAAL



OOK TE KRY:



**AMMO-BOKS-
EETSTEL:**
6 PERSONE



**AMMO-BOKS-
HOUERSTEL:**
8 STUKKE



AMMO-BOKS-SAKKIE:
VOL = 1/2 + 1/2 + 1/3 + 1/3 + 1/2 + 1/4 + 1/4

AMMO-BOKS-SAK:
1 BOKS, 2 BOKS,
3 BOKS, 4 BOKS,
6 BOKS, 8 BOKS



OOK TE KRY BY:
NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

agra

Agn Land

LeisureWorld

AGRIMARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



WAT SÊ DIE DOKTER?

Daar's 'n hele paar swamme wat houtvrot kan veroorsaak. Net soos die virus wat jou jongste by 'n maatjie gekry het sy immuunstelsel afbreek, net so breek die swamme die organiese materiaal – die hout – in jou wa af.

Die swam het kos, water en suurstof nodig om te floreer. Die sellulose en lignien in die hout is sy kos, en as die water verdamp en die hout weer uitdroog, sal die swam ook die gees gee. Ongelukkig is die kans goed dat die swamspore al intussen op 'n ander plek in jou wa vastrapplek gekry het. Dan kan dié spore lê en wag totdat die omstandighede weer reg is, al het die hout uitgedroog en dit dalk lyk asof jou probleme iets van die verlede is.



HOE WEET JY IETS MAKEER?

Diens gereeld. Diens jou woonwa een keer per jaar en vra die werkswinkelmense om op die uitkyk te wees vir vog in die panele.

Kyk hierna. Gaan die laste by die aluminiumstroke op die dak na, en die dele rondom die vensters, veral by die bokant.

Versigtig vir plooië... As die binnepanele oneweredig begin lyk – asof dit plooië kry – is moeilikheid aan die kom.

... en selluliet. Jy sal dalk nie houtvrot met die blote oog kan sien nie, jy moet maar

rondvoel. Begin aan die binnekant van jou woonwa en druk die panele met jou duim. As sommige dele sagter voel as ander, is dit dalk 'n teken.

Dokter toe. Loer in by 'n woonwahandelaar waar hulle vog met 'n meter kan opspoor. Dit neem omtrent 'n halfuur. Hulle neem lesings aan die binnekant: As die meter se groen liggie skyn, is alles in die haak; oranje beteken daar is waarskynlik vog; en as dit rooi gloei, sit jy waarskynlik met houtvrot.




TUISSORG

Sny af. Sny die verrotte dele af met 'n matmes. Jy sal waarskynlik die polistireen moet skoonkraap waar dit teen die paneel vasplak.

Kry 'n nuwe een. Koop 'n nuwe paneel soortgelyk aan die binnepaneel van





HOE HOU EK MY WOONWA GESOND?

Verwyder die aluminiumstroke. Dit kan jy maar gereeld doen. Gebruik 'n oliegebaseerde seëlmiddel onder die stroke (verwyder die ou seëlmiddel met 'n skraper). As dit nie werk nie, probeer 'n bietjie petrol en 'n lap.

Smeer die gate. Maak seker jy versprei die seëlmiddel oor die skroefgate wanneer jy dit aansmeer. Wanneer jy die stroke terugskroef, veroorsaak die druk dat die seëlmiddel eweredig onder dit versprei.

Vervang die skroewe. Die skroewe onder die rubberseëls moet elke twee jaar vervang word. Jy sal verbaas wees hoeveel skroewe verweer as gevolg van vog. Koper- of vlekvrystaalskroefies hou langer.

Nuwe rubber. Die rubberstroke kan elke twee jaar vervang word.

Maak dreineringsgate. Boor 'n paar gate in die aluminiumstrook onder die deur sodat enige water wat inkom, kan uitsypel.



jou woonwa (paneel vir woonwaens wat voor 1988 gebou is, kry jy nie sommer meer in die hande nie). Sny dit in die regte grootte.


Plak dit. Gebruik houtlym en paneel-spykers waar nodig.

Vul die las met silikoon. Doen dit só, of gebruik 'n aluminiumstrook. As jy 'n deel van die wa se raamwerk moet vervang, sny die slegte deel heeltemal uit. Vervang dit met 'n nuwe stuk hout en verstewig dit met 'n spalk.

MOET DIE SNYDOKTER NADER STAAN?

As jy verkies om jou wa na 'n werkswinkel te neem om van die droëvrot ontslae te raak gaan dit jou nie bankrot maak nie.

Afhangende van die omvang, kan die herstelwerk 3-12 weke neem. Dit hang natuurlik ook af van die beskikbaarheid van materiale.





KYK MOOI VOOR JY KOOP

Jy brand nou al hoe lank om jou koepeltent vir 'n klein tweedehandse wa te verruil. Pasop, daar is 'n klompie gevaartekens waarop jy bedag moet wees vóór jy jou swaarverdiende geld uitgee.

Daardie 1988-model Sprite Sport op Gumtree vóél sommer net soos joune. Jy het intussen jou wederhelfte oortuig 'n netjiese klein tweedehandse woonwa is presies wat julle nodig het. En teen 'n skamele R31 999 is dit mos dubbel en dwars die moeite

werd... wie weet, dalk kan julle die verkoper nog 'n duisend rand of wat afstry. Koebaai, getroue ou viermankoepeltent!

Die advertensie sê nie veel oor die wa se toestand nie, maar jy vertrou alles is in die haak, want met jou jongste wat pas universiteit toe is, is daar nie juis geld oor vir groot

herstelwerk nie. Dalk net die gordyntjies vervang en nuwe beddegoed en breekware koop. Niks meer as dit nie.

Ons het destyds met Joos Knipe van JK-woonwaens in Bellville gesels oor 'n klompie basiese gevaartekens waarop voornemende kopers bedag moet wees.

WAT SÊ DIE BOEK?

'n Goeie plek om te begin is om uit te vind wat die "boekiewaarde" is van die wa waarin jy belang stel, sê Joos. Kyk sommer ook waarvoor soortgelyke modelle elders in die mark is en tref 'n vergelyking.

As die verkoper die wa vir aansienlik minder adverteer, is die kans goed dat êrens iets fout is...



'N VROTSIGE AFFÊRE

Houtvrot is een van die grootste kopsere wat jou kan tref as jy 'n woonwa besit. Dit rig groot skade aan sonder dat jy weet jou wa ly aan dié siekte. Joos sê van die groter handelaars gebruik 'n toestel wat vog meet om vas te stel of 'n wa houtvrot het. Jy gaan egter nie só 'n toestel hê wanneer jy na die wa gaan kyk nie, maar Joos sê jy moet in die hoeke van die wa gaan voel.

"Jy moet die kasdeure oopmaak en diep in die hoeke voel, op die lasplekke waar die panele bymekaar kom. As dit voel of die hout meegee as jy daarop druk, het jy 'n probleem. Dis hoe ons kyk of daar houtvrot is.

"'n Ander manier is om van die skroewe uit te draai. As die skroewe erg geroes is of glad nie wil uitdraai nie, is

dit 'n teken van houtvrot. Dit beteken nie noodwendig die einde van die wêreld nie, afhangende natuurlik van hoe ernstig dit is. 'n Paneel of twee kan maklik en bekostigbaar vervang word, maar as jou wa dit erg onder lede het, kan die herstelwerk jou derduisende uit die sak jaag." Skielik kos daai Sprite nou veel meer as R31 999!



STAMPKARRETJIE

Stap om die wa en kyk hom behoorlik van hoek tot kant deur, sê Joos. "Soek vir krap- of stampmerke en kyk dan mooi of daar 'n gat in die aluminium is. Daardie aluminium is net 3 mm dik, wat beteken dit was nie noodwendig 'n harde stamp wat die gat gemaak het nie.

Onder die aluminium is net skuimrubber en hout, en as dit aan die elemente blootgestel word, gaan jy ook probleme hê. Dit kan maklik 'n paar duisend rand kos om een paneel te vervang. Kyk ook na die vensters

vir krake of stukkende plekke. 'n Nuwe venster kan duisende kos."

Joos sê dit is belangrik dat jy 'n leer kry en kyk wat op die dak aangaan.

"Kyk vir krapmerke, want dit is in 'n woonwa se aard dat hy al êrens teen 'n lae tak krapmerke gekry het. Kyk hoe ernstig die skade is. Slaan ook die dak op en kyk na die seil vir stukkende plekke. Klein goedjies sal jy nog self kan regmaak, maar as die skade erger is, gaan jy dit professioneel moet laat herstel. En dit kan duur raak."

GAAN LÊ OP JOU RUG

Joos sê dit is baie belangrik dat jy op jou rug gaan lê en kyk wat onder die wa aan-gaan, veral onder die A-raam. "Die meeste ouer padwoonwaens se A-raam word met 'n veselglaspaneel bedek, en jy kan nie regtig sien hoe dit lyk as jy nie onder die wa inskuif nie. Hier kan jy kyk of daar iets soos roesskade is, iets wat veral voor- kom op waens by kusstreke. Draai ook die hoekstutte af en kyk of dit ordentlik werk en stewig staan. Kyk na die as vir oog- lopende foute en kyk vir enige lasplekke of krake aan die onderstel."

Joos sê jy moet die wa se koppelstuk in jou hande vat en kyk of jy hom maklik vorentoe en agtertoe kan beweeg. "As hy maklik beweeg, beteken dit die skok- breker wat die inloopremme beheer, het die gees gegee en moet vervang word."



GEDOKUMENTEER

Maak van die begin af seker die wa se papierwerk is in orde en die inligting op die plaatjie stem ooreen met dié op die lisen- sieskyf. "Óf die verkoper óf jy gaan die wa deur die toets moet sit – maak veiligheids-

halwe seker 'n besoek aan die weegbrug is deel van daardie toets, veral as dit 'n ouer model is," sê Joos.

CA 189 365



WAT SÊ DIE KENNERS?

Indien jy iets sien waaroor jy onge- maklik voel maar steeds oortuig is dié wa is die een vir jou, kan jy hom na 'n erkende handelaar toe neem vir 'n diens. Vir die prys van 'n diens word die wa van bo tot onder en van voor tot agter deurgegaan.

"Dit neem ons twee dae om 'n wa te diens en ons slaan absoluut niks oor nie. Ek sal dan ook vir jou kan sê wat alles fout is en hoeveel jy gaan moet bestee om hom heeltemal reg te maak."



HEGTE BANDE

Teen dié tyd is dit al ou nuus dat bande "verval". Dit is belangrik om na die datum op die bande te kyk. Oor die algemeen moet jy 'n band vervang as hy ouer as vyf jaar is. Jy moet dus die prys van nuwes inreken. "Met ou bande maak dit ook nie saak hoe goed die loopvlak nog lyk nie. Selfs al lyk hy nog splinternuut, loop jy die gevaar dat die band gaan bars," waarsku Joos.



WENK

Moenie oorhaastig wees nie. Maak seker jy weet wat jy koop en hoeveel dit jou gaan kos om jou wa kampgereed en padwaardig te kry.

DIE WOONWAPROP

Buiten spaargloeilampies, “split pins”, wiellaers en smeltdrade is dit beslis ook wys om ‘n ekstra elektriese koppelstuk in jou gereedskapstas saam te ry.

SÓ VERVANG JY HOM


As jy gelukkig is, is dit meestal net die prop se omhulsel wat breek, maar soms moet jy die hele lot vervang.

Die prop se gleuf is by (4), terwyl (1) altyd aan die bokant is. Aan die agterkant van die prop is die kontakpunte ook só genommer. Ongelukkig is dit so dat ‘n mens verskil-

lende 7-draadkabels kry, en nie almal het dieselfde kleure nie.


Hier is ‘n algemene riglyn:

1 (linkerflikkerlig) is gewoonlik ‘n geel draad, **3** (aard) wit of pienk, **4** (regteflinkerlig) groen of pers, **5** (regteragterlig) bruin, **6** (remligte) rooi of oranje en **7** swart (dié word met 5 gebrug vir die ander agterlig). Die spaardraad (2) behoort dan die bloue te wees – dit is gewoonlik die draad wat krag aan die yskas voorsien.



DEURSNIT VAN ‘N 7-PUNTPROP

- 1** – Geel vir linkerflikkerlig
 - 2** – Blou vir krag na yskas of om battery vanaf voertuig te laai
 - 3** – Wit vir aard
 - 4** – Groen vir regterflikkerlig
 - 5** – Bruin vir agterligte
 - 6** – Rooi vir remligte
 - 7** – Swart vir agterligte
- (Op ouer woonwaens word nr. 5 en 7 gewoonlik gebrug.)





DIENS DIE NEUSWIEL

'n Neuswiel wat nie reg werk nie, kan 'n mens in die moeilikheid laat beland. Jy gaan byvoorbeeld nie die wa van die stang af kan lig wanneer jy wil afhaak nie. Dalk het skroefdraad van die armpie aan die kant ingegee...



As die armpie op jou woonwa se neuswiel nie vorentoe óf agtertoe wil draai nie, of as die neuswiel nie bo wil bly wanneer jou woonwa aangehaak is nie, is die skroefdraad op die armpie poegaai. Só vervang jy hom.

INKOPIELYS

- 1 staalbout van 14 x 250 mm

Gereedskap








- domkrag
- skroefdraadsnyer
- Vaseline of ghries
- kwassie
- stewige klamp op jou werkbank
- ysterpyp
- hoekslyper
- boor (opsioneel – sien stap 3)
- nommerplaatskroefies (opsioneel, sien stap 7)

SÓ MAAK JY

1 Maak seker jou woonwa of sleepwa se handrem is opgetrek. Stut die A-raam op 'n domkrag of haak dit somer aan jou sleepvoertuig. Die belangrikste is dat die gewig nie op die neuswiel rus nie.

2 Draai die neuswiel se slinger totdat die deel waaraan die wiel sit, loskom van die boonste deel met die slingerknop.





Draai die neuswiel se armpie uit; wanneer jy dit los het, kan jy die stukke van die wiel uit die A-raam haal.

Daar's 'n wiggie wat tussen die neuswiel se vertikale as en die A-raam pas en die gedoente met die hulp van die armpie vasdruk – moenie dit verloor nie.


3 Haal daardie veselglas-omhulsels bo-oor die A-raam af as jou woonwa een het. Dié omhulsels word gewoonlik met

klinknaels vasgesit – jy gaan hulle dus moet uitboor.

4 Sny 'n nuwe draad in die bestaande gat waarin die ou armpie gepas het – gebruik die draadsnyerstuk vir 'n 14 mm-gat. As jy die draadsnyer eers met 'n bietjie ghries of Vaseline smeer, het jy 'n klein bietjie minder *elbow grease* nodig. Vee die ystervylsels met 'n kwassie uit die gat as jy klaar is.

5 Knyp die nuwe staalbout in die klamp op die werkbank vas. Die stuk van die skroef wat by die klamp uitsteek, gaan die handvatsel van jou armpie word – meet dus hoe lank jy die handvatsel wil hê.

Maak seker jy beskadig nie die skroefdraad nie en glip die ysterpyp bo-oor die bout tot waar dit in die klamp vasgeklem is. Nou kan jy die bout buig. Hoe langer die pyp, hoe minder krag hoef jy te



WENK

Moenie stap 4 probeer omseil deur die bout se moertjie bloot aan die A-raam vas te sweis pleks van om die skroefdraad in die gat te sny nie. Die deel van die A-raam waarin die neuswiel pas, is van gietyster gemaak. Tensy jy baie gespesialiseerde toerusting het, gaan jy nie iets daaraan vasgesweis kry nie.

gebruik. Moenie die bout te veel buig nie; die knak moet minder as 90° wees sodat jy die armpie maklik kan draai. Onthou, as die pyp te sag is, gaan die bout pylreguit bly en gaan jy 'n *pea shooter* hê waarmee jy om hoeke kan skiet.

6 Skuur die kop van die bout mooi rond met 'n hoekslyper. Só keer jy dat die skerp rande van die kop jou seermaak as jy die armpie draai.

7 Sit die veselglas-omhulsel terug. Gebruik plastieknummerplaatskroefies in die gate waar die klinknaels voorheen was. Die skroefies beskadig nie die veselglas nie en is in wit en geel beskikbaar. Wanneer jy weer iets onder die veselglas wil herstel, sal dit makliker wees om die dop te verwyder. Onthou om die wiggie op die regte plek terug te sit voordat jy die neuswiel terugsit.

'n Bietjie ghries op die wiggie sal nie skade doen nie.

8 Skroef die nuwe armpie op sy plek in en siedaar, die neuswiel is weer tip-top.

DIENS DIE KOPPELSTUK



Die meeste woonwaens wat voor of in 2009 gebou is, het 'n gietyster-koppelstukkop, maar van die nuwes kom met 'n staalkop wat eenvoudig oor die sleepstang gly. Terwyl staalkoppe minder onderhoud verg, kort die gietysterkoppe meer aandag. Ons kyk 'n bietjie nader.

Versien jou wa se koppelstuk minstens een keer per jaar of, selfs beter, voor en ná elke vakansie. Wanneer jy hom self diens, maak seker jy skroef alles deeglik vas en dat jy nie agterna met los onderdeeltjies sit wat 'n noodsaaklike doel dien nie. Jy wil immers nie vir die versekering se assessor verduidelik waarom jou wa 'n ander roete see toe gevolg het nie!

KEN JOU STORIE

Voor jy halsorkop begin skroewe losdraai en jou woonwa jou met jou volgende vakansie halfpad deur die Du Toitskloofpas verbysteek, maak seker jy weet hoe dinge werk: Begin deur die aanwysings te lees.


BEGIN VOOR

Die meeste waens wat voor of in 2009 gebou is, het 'n kop van gietyster, maar die

nuwer waens het deesdae 'n oorglipkop van staal.

Hierdie oorglipkop het weinig onderhoud nodig, maar 'n bietjie Q20-roesweermiddel op die veer aan die onderkant kan nie skade doen nie.

Die gietysterkop het 'n bietjie meer aandag nodig, want dié het 'n staaf wat onderdeur die kop gly om dit op die bol van jou kar se sleephaak te sluit.



SLEUTEL VIR SKETS

- | | | |
|----------------|----------------------------|----------------------------|
| 1 Kop | 6 Koppelblok | 11 Hegstuk vir skokbreker |
| 2 Bout en moer | 7 Bout | 12 Skokbrekerbout |
| 3 Handvatsel | 8 Agterste halfmaanwassers | 13 Voorste halfmaanwassers |
| 4 Stangstaaf | 9 Rubberwasser | 14 Ghriesgaatjies |
| 5 Rubberkous | 10 Skokbreker | 15 Staalstaaf |



Inkopielys

- ghries
- rubberkous
- stampwasser
- skokbreker

Gereedskap

- moersleutel

Só maak jy

- 1 Skroef** die bout (2) los en trek dit uit.
- 2 Lig** die handvatsel (3) op en haal dit af.
- 3 Trek** nou die staaf (15) onder die handvatsel uit.
- 4 Smeer** 'n bietjie ghries daaraan.
- 5 Glip** die staaf terug op sy plek.
- 6 Skroef** die handvatsel weer vas.

Die sleepstang-seties

Die rubberkous (5) beskerm die stangstaaf (4) teen stof. Soos wat jy wegtrek en stilhou, beweeg die staaf vorentoe en agtrtoe, en die rubberkous werk byna soos 'n konsertina. Die eerste teken van verweer is fyn krakies op die riwwe van die kous.

Só maak jy

By die oorglipstangkop (A)

- 1 Skroef** die twee bonte (2) langs die rubberkous (5) los.
- 2 Trek** die kop (1) vorentoe en haal dit heeltemal af.
- 3 Glip** die stukkende kous af.
- 4 Druk** die nuwe kous oor.
- 5 Skroef** die kop weer op sy plek vas.



By die gegote kop (B)

1 Skroef die hele koppelblok (6) van die disselboom af los.

2 Skroef die skokbrekertjie (10) se voorste bout (12) los. Jy moet dit van onder die hegstuk vir die skokbreker (11) af benader om by te kom.

3 Skroef die boutjie (7) wat parallel loop aan die staaf (tussen die skokbrekertjie en die staaf) los sodat jy die agterste stel halfmaanwassers (8) kan bykom.

4 Haal die agterste halfmaanwassers (8) uit.

5 Tik die hele koppelblok (6) met 'n hamer sodat dit ongeveer 2,5 cm in die wa se rigting skuif.

6 Haal nou die voorste halfmaanwassers (13) uit.

7 Trek die staaf heeltemal uit.

8 Glip die stukkende rubber af en sit die nuwe een in sy plek.

9 Druk die staaf terug deur die gat in die koppelblok (6), deur die rubberwasser (9) en hegstuk vir die skokbreker (11).

10 Pas die voorste halfmaanwassers (13) terug op hulle plek.


11 Skuif die koppelblok (6) weer vorentoe.

12 Pas die agterste halfmaanwassers (8) terug op hulle plek.

13 Skroef die oorblywende boute weer vas sodat die skokbreker (10) en koppelblok (6) op sy plek is.

'GREASE FOR PEACE'

Die staaf gly deur twee ronde openinge in die glyblok, en dié twee openinge moet ordentlik gesmeer bly. As dit begin aanpak



of roes, kan dit uiteindelik jou wa se remvermoë in die wiele ry.

Só maak jy

1 Maak seker die wa se handrem is af.

2 Druk die staaf agtertoe.

3 Kyk of jy smeermiddel op die agterkant van die staaf kan sien. As jy skonerige ghries sien, is alles reg (D). As die staaf droog of aangepak is, is dit tyd vir nuwe ghries. (C)

4 Smit die nuwe ghries by die twee gaatjies (14) op die bokant van die koppelblok in. Die een gaatjie sit reg agter die rubberkous en die ander een heel agter op die koppelblok.

HOOR JY DAAR?

Glo dit of nie, maar "kloddisselboom" is nie nét 'n goeie ding nie. As die sleep-

kop vervang). Die skokbrekertjie het voor en agter 'n bout wat jy kan losmaak om dit te vervang.

BREUKDELE TEL

As daar 'n speling tussen die staaf en koppelblok is, kan dit wees omdat die koppelblok afgeslyt is. Daar is veronderstel om 'n speling van net 0,2 mm tussen die twee dele te wees, maar as jy speling voel wanneer jy die kop heen en weer wikkels, is dit dalk nodig om die hulp van jou naaste handelaar in te roep.

GHRIES OP DIE SLEEPBOL?

Nee. Die bol van die sleephaak op jou motor is nie veronderstel om ghries te kry nie. Ghries het op die lang duur die teenoorgestelde uitwerking van wat jy eintlik wil hê.


Wanneer jy op 'n grondpad ry, pak stof en sand in die ghries saam. Hierdie aanpaksel werk dan soos skuurpapier (of grinding paste) tussen die bol van die sleephaak en die kop van die sleepstang.



WENK

As die tjerie-tjerie-geluid jou pla wanneer jy sleep, trek eerder 'n plastieksakkie oor die bol van die haak, haak die wa en skeur die oortollige plastiek af.

Die sakkie werk soos 'n tydelike smeermiddel wat sal wegskaaf nog voordat jy by jou bestemming aankom.



stang 'n klappgeluid (soos yster op yster) maak wanneer jy wegtrek en stop, is óf die rubberwasser (9) om die staaf óf die skokbrekertjie pogaai. (Dit is nou mits die remme reg gestel is en die fout nie daar lê nie.)

Om by die water uit te kom moet jy die hele staaf losmaak en uittrek (soos wanneer jy die rubberkous op die gegote



SIEN DIE REMME REG

Jou woonwa se remskoene is net so belangrik soos dié van jou sleepvoertuig. Dit is noodsaaklik dat jy hulle gereeld nagaan – en nee, dit sal jou nie ’n hele dag besig hou nie.

Diens jou wa se remme minstens een keer per jaar. As jy nie dikwels gaan kamp nie, kan jy dit elke 18 maande doen. Afgeloopte woonwaremme maak nie so “grrr-grrr” soos dié van jou kar wat gedaan is nie.

Jy word dus nie gewaarsku nie, maar gelukkig is dit nie moeilik om self die remskoene na te gaan nie.

Al is jou wa onlangs versien, sorg dit steeds vir gemoedsrus as jy die remme self nagaan voor ’n lang vakansie. As jy dit moet vervang, gaan selfs iemand met tien duime nie te veel sukkel nie.





Inkopielys

- Q20- roeswerende middel
- remskoene

Gereedskap

- domkrag
- wielmoersleutel
- klein hamer
- platpuntskroewedraaier
- waterpomptang



Só maak jy

1 Diens eers die een wiel en daarna die ander een. Maak seker die wa staan op 'n gelyk stuk grond en sit veiligheids-halwe 'n klip voor en agter die ander wiel. Onthou om die handrem te laat sak, anders gaan jy nie die wieldrom afkry nie.

2 Druk 'n platpuntskroewedraaier se punt dwars op die stofdoppie waar dit by die wieldrom indruk. Tik liggies met 'n hamer



op die skag van die skroewedraaier bo die stofdoppie. Draai die drom soos die doppie loskom omdat die doppie eweredig uit te tik.

3 Buig die twee punte van die splitpen met 'n tang reguit en trek die pen uit. Die kroonmoer is nou veronderstel om maklik los te draai.


Gebruik 'n waterpomptang om dié moer los te draai as dit te styf vas is.



Agter die kroonmoer sit 'n los wasser wat saam met die wieldrom afkom.

4 Tik die drom reg rondom met 'n hamer sodat dit loskom – draai dit die heeltyd. Trek dan die drom af na jou toe. Onthou, reg langs die los wasser aan die buitekant van die drom sit een van die wiellaers wat nou ook los is; probeer dit so in plek hou.


5 Elkeen van die twee remskoene word met 'n veer teen die dromplaat vasgetrek.



Keer met jou een vinger aan die agterkant van die plaat waar die veer in 'n eie wasser inhaak, en druk die veer van jou kant af sodat dit aan die agterkant uithaak.

6 Haak die remkoppelstuk los van die handremkabel. Die twee remskoene en koppelstuk is nou los – haal dit af.

7 Spuit 'n bietjie Q20 van die dromkant af in die remkabel se buis. Net soos wanneer 'n fiets se remkabel nie laat skiet wanneer



jy klaar gerem het as dit nie geolie is nie, kan dieselfde met jou wa s'n gebeur.

8 Kyk vir skade As die remskoene 'n loopvlak van minder as 3 mm het, is dit tyd om dit te vervang. As die skoene heeltemal afgeloop is en die remme was letterlik staal op staal op die wieldrom, is die moontlikheid goed dat die drom beskadig is.

Om die groewe in die drom weer glad



te kry moet jy dit laat poleer (*skim*) – rem-werkswinkels doen dit gewoonlik self.

Polering is heelwat goedkoper as 'n nuwe drom, maar onthou, woonwa-dromme is dunner as dié van motors, en as die drom erg beskadig is, kan die pole-ring dalk nie genoeg wees nie.

9 Skuur die oppervlak van die nuwe remskoene asook die binnekant van die



drom waarteen die blokke vasdruk met growwe skuurpapier (P60-grint).

Dit sorg dat die remme van die begin af ordentlik "vasbyt". Soms is die versoolde remskoene se laag te dik; dan moet jy dit ook afskuur totdat die wieldrom oor pas.

10 Draai die remstelmoer heeltemal af. Die rigting waarin jy die moer draai, ver-



skil van kant tot kant. Kyk agter die drom-plaat langs die gaatjie waardeur jy die verstelling met 'n skroewedraaiër doen.

Daar is 'n pyltjie wat die uitstelrigting wys: Draai die moer in die teenoor-gestelde rigting totdat dit heeltemal ingedraai is – dit stel die remme af.

Dit maak dit makliker om die wieldrom later weer terug te sit.

TYD VIR TERUGSIT

Remskoene is alkant dieselfde kant, behalwe in woonwaens wat in 1984 of vroeër gebou is. By hulle het jy 'n boonste en onderste remskoen. Die remskoene pas terug soos dit afgekom het.

1 Haak die trekveer terug tussen die twee skoene en sit dit as 'n eenheid terug teen die dromplaat. Sit nou die boonste veer (wat deur die remskoen druk) terug en daarna die onderste een.

2 Haak die remkoppelstuk terug aan die remkabel en pas dit terug tussen die remskoene.

3 Druk die drom terug oor die as tot so ver as wat dit met die hand ingly (kyk dat die wiellaer ook nog in plek is).

4 Sit die los wasser en kroonmoer terug sonder om dit heeltemal vas te draai.

5 Slaan die wieldrom van voor af reg rondom in sodat dit ordentlik om die as vasdruk.

6 Draai die kroonmoer vas, maar tot net voordat hy "byt". As die kroonmoer dān reg staan sodat die splitpen deur die gaatjie van die sykant van die moer en die gaatjie in die as kan pas, sit jy die pen terug;



DIE REMSTELSEL

- 1 Stofdoppie
- 2 Kroonmoer en los wasser
- 3 Wieldrom
- 4 Remkoppelstuk
- 5 Remskoene
- 6 Trekveer
- 7 As
- 8 Veer
- 9 Veerwasser
- 10 Remkabel
- 11 Remstelmoer
- 12 Dromplaat

! WENK

Onthou, as gevolg van wrywing word die remme taamlik warm. Maak dus altyd seker die woonwa staan eers 'n rukkie voordat jy daaraan werk. As dit die eerste keer is dat jy die remme vervang, neem alles wat jy doen stapsgewys af sodat jy seker maak alles pas weer terug waar dit hoort.

so nie draai jy die moer effe los tot regoor 'n gaatjie. Moet nooit in hierdie stadium die moer styf vas draai nie, want dit kan die wiel laer beskadig.


7 Sit die wiel terug en draai die remstelmoer deur die gaatjie van agter die dromplaat vas totdat die wiel nie meer kan draai nie.

8 Draai die verstelmoer klik vir klik los totdat die wiel weer kan draai. Dít sorg dat die remskoene die wieldrom net-net mis.

MAAK SEKER, SWAER

As jy jou wa met die hand vorentoe trek, moet die wa stop as jy die handrem tot op die derde klik optrek. Só moet die wa egter steeds agtertoe gestoot kan word sonder dat hy rem.

As jy die rem tot net verby die sesde klik trek, moet hy ook agtertoe rem. As dit nie gebeur nie, vat die wa eerder na die kenners toe sodat die remme behoorlik ingestel kan word.





DIENS DIE WIELLAERS

As jou woonwa se wiellaers – dis nou die *bearings* – langs die pad die gees gee, is jou hele vakansie in sy peetje. Tref voorsorg en diens hulle só.

Mens kan maklik van die wiellaers vergeet omdat dit nie 'n groot, opvallende onderdeel is nie, maar wanneer hulle ophou werk, sit jy met 'n reuse-gemors. Die groot sondaar is gewoonlik die smeermiddel of, in daai mechanic-woordeboek van oom Apie, sommer net goeie ou ghries.

Wiellaers lol dikwels wanneer jy dit die minste kan bekostig. Die moeilikheid begin terwyl jy teen jou maksimum sleep-spoed tussen niks en nêrens Suidkus toe mik. Dis dan dat die wiellaer disintegreer en jou wa se wiel sy eie koers inslaan.

Dís 'n nare gedoente. Gewoonlik kry die as erg seer, maar die wiel slaan dalk ook 'n gat deur jou woonwa of rol voor aankomende verkeer in terwyl jy spook om beheer oor jou sleepgoed te kry.

Met net 'n bietjie moeite en 'n paar moersleutels kan jy vir jou groot gemoedsrus verseker.

'TESTING, TESTING, 1... 2... 3...'

Wanneer ghries oorverhit, is die taaiheid daarmee heen en word dit só dun dat dit nie meer die smeermiddel behoorlik doen nie. Die drie vernaamste redes waarom laers warm word, is:

- 'n wiellaer met te min of geen ghries;
- remskoene wat teen die drom skuur; en
- wiellaers wat te styf vasgedraai is.

1 Kyk of jy olierigheid rondom die stofdoppie op die woonwawiel se velling sien. Dis dalk 'n aanduiding dat 'n laer te warm geword het en dat van die ghries uitgeloop het. Let ook op na olierige strepe wat van die middel van die wiel na die band toe loop. Soms is dit wiellaers wat te veel ghries gekry het met 'n diens en dan ná 'n ent se ry die oortollige ghries uitgooi. Maar as jy dit afvee, nog 'n ent ry en weer strepe sien, is daar waarskynlik nie meer genoeg ghries oor op die wiellaers nie.



2 Haal die stofdoppie af om te kyk of die ghries al olierig geraak het.

3 Voel ná 'n paar kilometer se ry aan die wa se wielvelling, naby die middel. As dit omtrent dieselfde temperatuur is as jou vel, is daar nie probleme nie. Maar as die velling baie warm is, skuur jou remme of jou wiellaers is droog.

SÓ LYK DIE ONDERDELE

Daar is twee wiellaers op elke wiel. 'n Grote pas agter, omtrent teen die dromplaat, en voor is 'n kleintjie wat buite langs die kroonmoer sit.

Ouer woonwaens, soos die Jurgens Exclusive tot vroeg 2000 en die Sprite Swift en Sport van die jare negentig, het 'n kleiner wioldrom as vandag se algemene dromme, met 'n deursnee van 160 mm.


Hedendaagse dromme is 200 mm. Ouer dromme gebruik die 11749/10- en 45449/10-wiellaers met 'n 40 52 7-olieseël, en die nuwer drom die 11949/10- en 67048/10-laers en 42 62 7-olieseël.


Die eerste syfer (42) in die olieseël se kode is die binnemaat van die seël in millimeter, die tweede (62) die buitemaat, en die laaste een (7) die dikte. Jy kan 'n olieseël van tot 10 mm dik gebruik, maar niks meer nie.

Die regte olieseël is belangrik. Dit sit agter die agterste laer en jy moet dit vervang wanneer jy die wiellaers diens of vervang.

SLEUTEL VIR SKETS

- 1 Olieseël
- 2 Binneste wiellaer
- 3 Wioldrom
- 4 Buitenste wiellaer
- 5 Wasser
- 6 Splitpen
- 7 Kroonmoer
- 8 Ghriesdoppie





Inkopies

- 2 wiellaers
- 2 olieseëls
- 2 stofdoppies
- 500 g ghries
- 1-2 bottels paraffien

Gereedskap

- stewige domkrag
- stutblokkies vir die as
- 17 mm- of 19 mm-wielmoersleutel
- platpuntskroewedraaier
- klein hamer
- tang
- 27 mm-moersleutel
- lap
- geelkoper- of teflonpypie

Só maak jy

1 Lig die wa met 'n domkrag op en sit blokkies weerskante onder die as.

2 Laat sak die handrem en draai veiligheidsalwe al die hoekstutte af.

3 Haal die wiel af – ouer woonwaens gebruik 'n 17 mm-moersleutel, en hedendaagse modelle 'n 19 mm. (A)

4 Tik die stofdoppie met 'n platpuntskroewedraaier en klein hamer los.





Onthou, die doppie moet goed seël. As jy hom maklik met die hand kan afhaal, moet jy hom vervang. (B)

5 Buig die splitpen met 'n tang oop, draai die kroonmoer los met 'n 27 mm-moersleutel en trek die drom af. As die drom vasklou, kyk of die handrem nie opgetrek is nie. Wanneer die drom af is, kyk vir enige deeltjies wat los lê in die drom en somer ook hoeveel oppervlak die remskoene nog het. Dalk het jou wa 'n groter diens nodig as wat jy gedink het. (C)

6 Sit die drom neer met die gesig na bo. Die buitenste wiellaer sit nou los in die middel. Haal die wiellaer uit en vee dit af met 'n lap. (D, E)

7 Druk 'n "sagte" stomp voorwerp soos 'n geelkoper- of teflonpypie deur die opening en tik die olieseël aan die ander kant uit. Jy kan ook die drom omdraai en die seël diékant met 'n platpuntskroewedraaier losdruk. Die binneste wiellaer is nou ook los. (F, G)

8 Vee al die ou ghries uit die drom en van die as af en was die laers in paraffien. Jy kan ook petrol gebruik, maar dan moet





WENK

Hou altyd 'n ekstra stel wiellaers byderhand. As jy jou wiellaers gereeld en ordentlik diens, kan dit net so lank soos jou wa hou.

jy 100% seker maak die laer is heeltemal droog voordat jy dit weer aanmeekaarsit.

9 Soek vir skade. As die rollertjies klein kepies het of lyk of hulle effens verkleur het, het die wiellaer erge hitte gekry. Vervang só 'n wiellaer. (H, I)

10 Smeer 'n dun lagie nuwe ghries aan die binnekant van die drom waar die wiellaers gaan rol. (J)

11 Maak 'n kwart van jou handpalm vol ghries en tik die onderkant van die skoon (of nuwe) wiellaer in die ghries terwyl jy dit in die rondte draai. Jy weet die laer het genoeg ghries gekry as dit aan die bokant begin uitpeul. Dit help nie om bloot ghries rondom die buitekant te smeer nie. (K)

12 Draai die drom op sy voorkant en sit eerste die agterste wiellaer terug. Tik die nuwe olieseël ook netjies vas op sy plek. Moenie die seël inslaan nie en maak seker die buiterand is gelyk aan dié van die drom. Draai die drom om en sit die voorste laer terug. (L, M)

13 Druk nou die drom terug oor die as en draai die kroonmoer goed vas. Dit help om die rolkant van 'n nuwe wiellaer in die drom vas te druk. (N)





14 Draai die kroonmoer weer los totdat jy dit met jou hand kan draai. Sit nou die wiel terug en draai die moer met jou hand vas.

15 Slaan met jou vuus teen die band. As jy kan hoor die drom is effens los maar daar is geen speling daarop as jy die band weerskante vat en probeer wikkie nie, is die kroonmoer styf genoeg vas.

As jy die band wikkie en daar is speling, moet jy die moer stywer draai. As jy die band slaan en dit klink solied, is die kroonmoer te styf.

16 Onthou, sit die splitpen terug.

17 Vee 'n dun lagie nuwe ghries in die stofdoppie en tik hom terug in sy plek.



WENK

Verwyder die naaf en kyk vir die verwysingsnommers wat in die metaalgedeelte van die binne- én buitelaers gepons is. Dit sal help om die regte laers weer te kry. Meet albei die mates van die laers en die as as jy nie die nommers kan lees nie.



VERVANG SELF 'N VENSTER

Net soos by die huis waar jy moet grassny of 'n lekkende kraan vervang, is dit van tyd tot tyd nodig om 'n bietjie instandhouding aan jou wa te doen. Party slepers deins nie daarvoor terug om self hulle wa se wiellaers na te gaan of selfs die koppelstuk te diens nie, maar sommige takies is selfs makliker as dit, soos om 'n gekraakte of stukkende venster te vervang.

Jou woonwa se Perspex-vensters kan bloot weens verwerking begin kraak – veral by die knippe wat daarin vasgeskroef is. Hier's 'n stap vir stap verduideliking hoe om self 'n venster te vervang.

Dis só maklik – enigiemand wat 'n boor kan vashou en 'n skroewedraaier gebruik, behoort dit lag-lag te kan doen.

STAP 1


Haal af

Die oopmaakvensters aan jou wa skarnier aan twee gevormde aluminiumstroke wat aan die bokant van die venster loop. Die een strook is aan die wa vas en die ander een aan die venster. Die venster se strook gly in die een teen die wa op min of meer dieselfde manier as wat jou tent in daai groefie aan die rand van jou wa inryg, maar met genoeg speling sodat dit op en af kan beweeg wanneer jy die venster oopmaak. Om te sorg dat die venster nie rondskuif in dié gleuf nie, is daar 'n klinknael aan weerskante van die aluminiumstrook.

1 Verwyder die klinknael aan die kant waar jy die ruit wil uitskuif.

2 Skroef die twee stutarms wat die ruit oophou wanneer jy dit oopswaai los en tel die ruit op sover as wat jy kan.

3 Skuif die venster terwyl jy dit opgetel hou, in die rigting waar jy die klinknael verwyder het.



STAP 2

En die laaste bietjie

4 Sit die ruit op 'n plat oppervlak – verkieslik oorgetrek met materiaal sodat jy nie die nuwe ruit beskadig wanneer jy daaraan werk nie.


5 Draai die skroefies van die vensterknippe uit die ou ruit. Die knip het twee dele – 'n deel elk aan weerskante van die ruit waardeur die skroefies draai – asook 'n rubberseël aan elke kant om te sorg dat daar nie water lek nie. As die knippe beskadig is, kan jy by enige goeie kampwinkel nuwes koop.



6



7



STAP 3


Besluit hoe

Die nuwe ruit het nie gaatjies waar die handvatsels weer moet vaskom nie – jy moet self op die ruit merk waar jy die gaatjies gaan boor. Jy het twee keuses: Óf jy kan die ou ruit bo-oor die nuwe een pas en die gaatjies deur die ou gaatjies afmerk óf jy kan die nuwe een op sy plek hang en dan ooreenstemmend met die handvatsels die gaatjies merk. (Laasgenoemde metode is akkurater.)

6 Gly die nuwe venster in die groef. As dit effens stram is, gebruik 'n smeermiddel soos Q20.

7 Laat sak die ruit en kyk dat die buiterand daarvan eweredig pas oor die vensterrubber in die bakwerk daaragter. Laat iemand in die wa klim en die binnekantse gedeeltes van die knippe presies in plek hou – asof die knip toe is.

8 Merk die gaatjies van buite af met 'n kokipen op die ruit.




STAP 4

Versigtig nou

9 Sit die gemerkte ruit terug op die werkbank om die gaatjies te boor. Gebruik 'n 6,5 mm-boorpunt, maar stel die boor se draairigting antikloksgewys – die teenoorgestelde rigting wat dit gewoonlik draai. Jy wil nie 'n gaatjie deur boor nie, maar as 't ware deursmelt. (As jy die boor in sy gewone rigting laat draai, is die kans goed dat die boor in die perspeks vasbyt en dan

die ruit seermaak of selfs kraak – veral as dit 'n skerp boortjie is.)

10 Druk die boorpunt op die kokipenmerk en begin boor. Moenie die boor druk nie; die gewig van die boormasjien is goed genoeg. Wees net geduldig. Moet ook nie ophou boor voor die gaatjie heeltemal deur is nie. As jy halfpad stop, kry die gaatjie 'n oneweredigheid binne wat dit moeilik maak met die tweede probeerslag.




11



STAP 5

Sit alles terug

11 Draai die skroefies van die knippe se kante weer terug – onthou om die twee seëls ook terug te sit.



STAP 6

Maak klaar

12 Skuif die ruit terug in die aluminiumstrook.

13 Skroef die twee stutarms se knippe vas.

14 Sit 'n nuwe klinknael terug.



VERVANG DIE OPWIPDAKGASSTUTTE

Die meeste padwoonwaens het 'n opwipdak. Dit sorg vir minder windweerstand, maar hierdie dakke het ook 'n stille hulpmiddel. Die gasstutte help sodat jy die dak kan lig tot hulle nie meer wil nie.

Gasstutte is in die meeste sleep-goed 'n algemene onderdeel. Party hou die neuskasdeur oop, party lig die bed se basis op sodat jy by die pakplek daaronder kan uitkom, en ander help weer om 'n daktent oop te vou.

Dan is daar ook dié wat help om jou wa se opwipdak te lig en op sy plek te hou.

Soos met die meeste onderdele op 'n woonwa gaan die gasstutte ook die een of ander tyd aandag kort. Die stutte is eintlik silindriese kapsules met sowat 100 bar druk binne-in – dit is sowat 50 keer die druk van jou voertuig se bande.

Maar die stutte kan mettertyd hulle fut verloor. As die opwipdak op 'n dag nie meer maklik lig nie, is dit moontlik die stutte wat besig is om die gees te gee.

Gelukkig kan jy hulle dan self vervang.



WAAR BEGIN JY?

Die opwipdak rus op vier gasstutte – twee aan elke kant. Om dit te vervang moet jy die voor- en agterkant van die dak afsonderlik gelyktydig diens. (Dit maak ook nie sin om net een of twee te vervang nie. Terwyl jy die moeite en tyd opsy sit, vervang eerder al vier die gasstutte.)



Hou die volgende byderhand

- ten minste een ekstra mens om hand by te sit (verkieslik iemand met 'n paar spiere)
- nuwe gasstutte

- twee 5 l-verfblikke, of houers van min of meer dieselfde hoogte
- 6 m middelslag-tou (afhangende van die lengte van die woowa se romp)
- skroewedraaier

Dís wat voorlê

- jy moet die dak lig en op die 5 l-blikke laat rus
- die opwipdak se seil moet uit
- die twee dakknippe binne moet los
- die ou gasstutte moet uit en die nuwes in
- die seil moet weer terug



OPERASIE GASSTUT

1 Lig die opwipdak en sit by twee teenoorsaande hoeke skuins oormekaar 'n 5 l-blik op die dak en skuif dit halfpad onder die rand van die opwipdak in. (As jy 'n belt-en-kruisbande-soort ou is, kan jy op elke hoek 'n blik sit, maar twee oorkruis is voldoende.)


2 Trek die handvatsels van die dakknippe na mekaar met 'n tou wat jy tussen hulle vastrek totdat die gasstutte besgee en die dak op die blikke rus. Jy wil die spanning op die dakseil tussen die opwipdak en die woonwa verslap sodat jy dit kan uittrek. (3

3 Kyk waar die dakseil las en trek die klitsrits én die ritssluiters onder die lasplek oop. (2)

4 Voel en kyk waar die opening in die aluminiumgleuf sit waar die seil moet uitgly – dié gleuf is amper soos die een waarin die stoepent ryg om dit teen die woonwa vas te kry wanneer jy opslaan. Die opening van die gleuf sit iewers op 'n hoek (op die meeste woonwaens), en selde in die middel (lengtegewys) van die dak. (Die dakseil van waens wat voor 1990 gebou is, is met 'n paar skroewe en 'n plat aluminiumstrook vas. Skroef dus net die

strook los wanneer jy die seil wil afhaal.)

5 Trek die seil in die rigting van die opening en ryg dit uit. (3) Dis makliker as iemand jou hiermee help. Terwyl een ou die seil by die opening uittrek, kan die ander een terselfdertyd help trek aan die seil, in dieselfde rigting. Manalleen is die kans goed dat jy nie die seil gaan uitkry nie. Let ook op hoe jy die seil uitryg, want dit moet op dieselfde manier terug. By woonwaens wat al 'n paar jaar agter die blad het, is die kans goed dat die seil langs die gasstutte effens gevelek kan wees weens die oliërigheid. Dus, terwyl



die seil uitgeryg is, kan jy dit net sowel skoonmaak. Indien wel, moet jy dit weer seël voordat jy dit terugsit. As die seil erg verweer is, kan jy dit gerus oorweeg om dit te vervang. Ook as daar byvoorbeeld gaasvensters geskeur is.

6 Maak die tou los sodat die dak weer op sy eie op die gasstutte staan. (4)

7 Sit nou die twee 5 l-blikke op die hoek aan dieselfde kant (voor of agter) waar jy die eerste twee gasstutte gaan losmaak.

8 Draai die gasstut los uit sy "gewrig" wat in die voetstuk sit. Dit is nie nodig

om die hele voetstuk los te skroef nie. Onthou, die onder- en bokant van die stut draai in teenoorgestelde rigtings los. Begin met die boonste deel – wanneer die stut amper los is, moet jy hom effens indruk en draai om hom op die einde los te kry. (5)

9 Draai die ander stut ook los.

10 Knak die dakknip se arms sodat dié-kant van die dak op die blikke kan rus. Laat iemand die dak vashou sodat dit nie tot op die blikke val wanneer jy die dakknip knak nie.

11 Skroef die onderste skroewe van die dakknip los – dit behoort drie skroefies aan elke kant te wees. (6)

12 Draai die pootjies van die nuwe gasstutte af, want die pootjies van die ou stut sit steeds in plek waar die ou stut bo en onder aan die dak ingedraai het. (7)

13 Draai die dun kant van die nuwe stut vas in die pootjie op die wa. (8) Die dikker kant van die stut moet boontoe wys wanneer dit uiteindelik in plek is.

14 Lig die dak nou aan hierdie kant met die hulp van jou helper, sodat jy die



bokant van die stut in sy plek aan die opwipdak kan inskroef. Onthou om die dun kant vas te hou terwyl jy die bokant inskroef, anders kan die onderkant tege-lykertyd losskroef. (9)

15 Druk die dak van buite af effens af (vra jou handlanger om te help) sodat jy die dakknip weer kan vasskroef. (10)

16 Skuif die blikke na die ander kant en vervang ook die ander twee stutte.

17 Bind die tou weer deur die arms van die dakknippe en sit weer die twee blikke oorhoeks onder die opwipdak voor jy die tou styftrek. (11)

18 Ryg die seil terug. (12) Die een wat die beginpunt van die seil inryg, moet binne staan terwyl 'n ander die voerwerk van buite af doen. Maak seker jy hou die seil regop. Die gaasgedeelte van die venster moet na buite wys, en die ritssluitersboog van die flappe binne die venster moet na bo loop. Moenie aan die gaas trek terwyl jy die seil terugryg nie, want dit kan skeur. Die seilgedeelte wat oor elke hoek staan, het 'n versterking (13) waar jy dit kan vasvat terwyl jy ryg en trek aan die seil tot dit mooi in plek is.

19 Maak die tou los en die opwipdak se gasstutte is gereed vir nog 'n hele paar somers by Scottburgh.



MAAK JOU SWARTPOT SKOON

As jy mooi na jou gietysterkookware omsien, behoort dit 'n leeftyd te hou. Maar as jy dit verwaarloos, gaan roes verwoesting saai op jou potte, panne en roosterplate. Só blaas jy nuwe lewe in hulle.

Ons is almal vinnig by om te skep, maar heelwat skugterder wanneer dit tyd is om met die skottelgoed te help, veral as jy trommeldik geëet is aan die potjie wat oom Sarel gemaak het.

Die potjie wat ons vir dié artikel gebruik het, was in só 'n slegte toestand

dat ons eerder die deksel teruggesit en besluit het om daarvan te vergeet. Ons redakteur, Schalk Jonker, het ook sy gehawende steakpan beskikbaar gestel vir die artikel. 'n Laag roes het op die pan gevorm, en ondanks sy pogings om dit skoon te kry was daar steeds oranje vlekke.

As jy mooi daarna omsien en dit nie verniel nie – soos om koue water in warm kookware te gooi of dit gereeld te laat val – behoort jou gietysterprodukte vir jou leeftyd én selfs dié van jou kinders te hou. Hier is 'n manier om dit te onderhou. As jou metode van ons s'n verskil, laat weet ons gerus.

OPKNAPPING EN OONDDROGING (SEASONING)

Jy benodig

- 3 ℓ witasyn
- staalwol
- maasskuurder
- swaardiensskuurder
- koeksoda
- skottelgoedseep
- 'n oond waarin die potjie pas
- vlassaad- of druivewitolie
- kombuispapier of twee sponsies
- rubberhandskoene
- sproeibottel


SÓ MAAK JY

STAP 1

Laat hom week

Dit hang hoofsaaklik van die toestand van die toerusting af. Vir Schalk se Beka-steakpan het ons 'n oplossing van die helfte water en helfte asyn gebruik en die pan deeglik daarmee gespuut voordat ons dit vir 'n halfuur in die wasbak laat week het.

Die Falkirk-nr. 3-potjie het 'n uur lank in die oplossing gewee. Jy weet die proses werk wanneer jy fyn borrels op die oppervlak sien – en klein stukkie roes in die water begin dryf wat dan begin verkleur.






STAP 2

Die eerste skrop

Die hardnekkiger roes en vuil kolle gaan 'n bietjie meer moeite verg. Daarvoor het jy staalwol en spierkrag nodig. Die pan was die makliker een van die twee om te skrop omdat hy nie heeltemal onder water was nie en 'n mens jou vordering beter kan dophou. Dit het sowat 10 minute gevat om werklike resultate te begin sien.

Wat die potjie betref, het ons hom uit die water gehaal en toe begin skrop. Dit was 'n operasie en 'n half, maar namate die roes en vuiligheid begin ingee het, het die oppervlak van die pot al hoe gladder geraak.

Spoel die besigheid met koue water af wanneer jy klaar is.



3

STAP 3

'n Chemie-les

Maak seker die binneoppervlak van die pot en pan is nog nat ná die kouewaterstort, en sprinkel dan lekker baie koeksoda oor. Ons gaan nie voorgee ons verstaan die chemie nie, maar in ons navorsing het ons gesien koeksoda is wat die meeste mense kies om gietyster diep skoon te maak.

Jy behoort sommer dadelik te sien hoe borrels op die oppervlak van die gietyster vorm. Moenie verwag dit gaan soos Eno opborrel nie; dis eerder 'n baie klein geborrel wat jy van naby moet bekijk. Los die pan net so vir nog 30 minute. Gooi dan water en nog 'n bietjie koeksoda by sodat die onderste sentimeter of twee bedek is. Die potjie was in die boonste twee derdes erg verkleur en ons het hom dus volgetap met water en koeksoda en dit vir altesame 'n uur laat staan.



STAP 4

Die tweede en laaste skrop

Gebruik nou die staalwol se fyner tekstuur om die kookware vir nog 10-15 minute te skrop. Sodoende raak jy van die laaste bietjie vuiligheid en roes ontslae. Trouens, jy sal sien hoe die water bruin word. Spoel die pot of pan uit en skrop hom weer tot die skuim witter word. Dit het in ons geval 'n verdere twee sessies geverg.

Nou is dit tyd vir die laaste stukkie skoonmaak, en hiervoor gebruik jy gewone skottelgoedseep, water en 'n skuurder. Moenie nou lui raak nie en moet ook nie die skuurder te hard teen die pot of pan se oppervlak druk nie – jy wil nie déúr die gietyster skrop nie. Maak net seker jy hou hom stewig vas en spoel die besigheid goed uit wanneer jy klaar is.






5

STAP 5

Maak hom droog

Druk jou gietysterpot met kombuispapier droog, maar wees versigtig om nie te hard te vryf nie. Jy wil nie hê klein stukkies papier moet loskom en aan die gietyster vasklou nie. Jy wil die pot klam hê, maar die water moenie drup nie. Nou plaas jy die pot of pan op 'n hoë vlam op jou gasstoof of kampstofie. Jy behoort te sien hoe die gietyster effens droog word en selfs dalk 'n bietjie verkleur (dit het met ons s'n gebeur). Verhit jou oond tot sy maksimumtemperatuur (of so na aan 250 °C as wat jy kan kom).



STAP 6

Oonddroging

Hierdie deel is nogal pret – 'n mens voel amper of jy weer in die kunsklas is. Gooi 'n eetlepel olie in die pot of pan en kantel dit dan in alle rigtings sodat die hele oppervlak – binne én buite – bedek is. Ons het vlassaadolie vir die steakpan gebruik en druiwepitolie vir die potjie, maar kon nie 'n werklike verskil in die resultaat sien nie.

Gebruik ook 'n sponsie om die olie aan te wend. Wanneer die besigheid goed bedek is, gebruik kombuispapier om die olie af te vee. As jou gietyster verkleur het met die droogmaakslag, sal jy nou sien hoe dit terugverander na die oorspronklike swart. Herhaal die proses om jou pot of pan gereed te kry vir die oond. Maak seker daar is nie oortollige olie nie en gebruik kombuispapier om hom vir 'n laaste keer uit te vee. Daar is beslis 'n lagie olie, selfs al lyk dit nie so nie.





STAP 7

Raak warm

Sit die gietysterkookware onderstebo in die warm oond en los dit vir 'n uur. As jou oond nie hoër as 200°C kan gaan nie, kan jy dit vir nog 15 minute inlos. Maak seker daar is 'n drupbak onder om te keer dat enige oortollige olie op die oond se element beland. Hierdie stap laat die olie aan die gietyster bind om 'n beskermende laag te vorm.

Sit die oond af wanneer die proses klaar is en los die pot binne om saam met die oond af te koel. Jou eerste laag is nou suksesvol aangewend en jy sal die verskil sommer dadelik sien en voel. Dit staan jou egter vry om die proses te herhaal vir 'n tweede of selfs derde laag.

7

VOOR



NÁ



VOOR



PAS HOM NOU MOOI OP

Elke keer wat jy met 'n soort vet kook, dra dit by tot nog 'n laag op jou pot. Die Engelse noem dit "seasoning". En dit is nie 'n slegte ding nie; jy moet die pot net skoon hou – in die meeste gevalle is 'n spons en warm water voldoende. Maak seker die pot is ordentlik droog en bedek hom dan weer met 'n dun laag olie wanneer jy hom wegpak. Só hou jy roes weg.



SLYP JOU BYL

Hulle sê 'n swak ambagsman
pak die skuld op sy gereedskap.

Ons kan dit met groot
vrymoedigheid beaam.

Trouens, 'n swak ambagsman
is iemand wat nie na sy
gereedskap omsien nie...

Die voormalige Amerikaanse president
Abraham Lincoln het op 'n keer gesê as hy
ses uur het om 'n boom af te kap, sal hy die
eerste vier uur gebruik om die byl te slyp.
Ou Abe was nie net eerlik nie; hy was wys ook, en dit
is iets wat 'n mens deesdae selde by politici sien.

Ons gaan nie hier oor jou keuse van byl gesels nie,
maar dalk is dit tyd om nuwe lewe te blaas in die een
wat jy gebruik wanneer julle gaan kamp. Gaan loer in
die motorhuis of jy enige van dié stukke gereedskap
byderhand het.



JY BENODIG

- **'n Stomp en geroeste byl** wat baie liefde en aandag nodig het
- **Asyn** – om die roesdeeltjies op die byl se oppervlak af te breek
- **'n Kombuisponsie** met 'n skuurder – om die roes en ander vuil plekke skoon te maak
- **Lynolie** – daar is heelwat debat op die internet oor of jy rou of gekookte olie moet gebruik. Ons het gekookte olie

gebruik omdat dit vinniger intrek en droog word

- **Skuurpapier** – ons het 100-, 220- en 800-grint gebruik vir die byl en handvatset
- **'n Ystervyl** – ons het twee kleintjies gebruik om die byl skerp te maak
- **'n Slypsteen** – dis nie noodsaaklik nie, maar kom handig te pas as jy jou byl baie skerp wil slyp

- **Kombuispapier en lappe** – dis 'n morsige besigheid. Gebruik die kombuispapier om die olie te absorbeer
- **Lateks-handskoene** – dit keer dat enige skerp reuke van die olie op jou hande agterbly
- **'n Stel dikker handskoene** – gebruik dit nadat jy die rand van die byl gevyl het en dit skerper raak. Eerder maar Bangjan...

MAAK SKOON

Gewoonlik word 'n byl se kop nie van vlekvrystaal gemaak nie – en dit geld selfs vir dié van die hoogste gehalte. As die byl dus vir lang tye aan die elemente blootgestel en gereeld gebruik word, gaan dit lei tot oksidasie en verkleuring. Dit is die eerste aanduiding dat jou byl besig is om te roes. Maak die byl se kop ordentlik nat met asyn en gebruik die kombuispons se skuurkant om die roes af te kry. Ons byl het 'n laag verf gehad – ons het sommer ook daarvan ontslae geraak.



2

SKUUR, SKUUR, SKUUR

Die volgende stap is om van die res van die vuiligheid ontslae te raak en die byl gereed te kry om geslyp te word. Begin met 'n growwe skuurpapier. Ons het met 100-grint begin, maar as jou byl lyk of hy deur die oorlog is, begin dalk met 60-grint.



WENK

Gebruik 'n G-klamp om die byl vas te maak terwyl jy skuur, want jy gaan heelwat krag moet inspan.

3

SNYKANT

Nou is dit tyd om die byl se rand te vyl. Dis gelukkig nie so angswekkend soos dit klink nie. Moenie probeer om van die staal op jou byl se snykant ontslae te raak nie – hou op die bestaande profiel van die rand. Met 'n byl is dit nie 'n presiese wetenskap nie en jy kan somer met die oog skat. As jy egter een van daardie katoeters het waarmee jy 'n presiese hoek kan bewerkstellig, kan jy dit vir bykomende gemoedsrus gebruik. Vyl diagonaal in die rand in en herhaal die proses in die teenoorgestelde rigting tot jy terug is by die punt waar jy begin het. Gebruik vyle met verskillende grinte vir 'n skoon snykant.



WENK

'n Bastervyl, wat van verharde staal gemaak word, werk die beste hiervoor. Dit byt in die metaal van jou byl in en sal jou help om die profiel van die snykant te behou.



4

OPGEKIKKER

Gebruik die oorskietskuurpapier om jou byl se handvatsel af te skuur en voor te berei vir 'n laag olie en politoer. Albei ons byle het 'n houthandvatsel en ons het dit oornag in lynolie geweek sodat dit mooi geabsorbeer kan word. Jy kan ook die kop van die byl met 'n laag lynolie behandel. Ons het sommer ook die slypsteen in die olie geweek voor ons dit gebruik het om die snykant af te rond. Afhangend van die weer behoort dit nie veel langer as 'n dag te neem om droog te word nie. As die handvatsel nog taai voel, skuur hom weer af en verf nog 'n laag olie aan. Dit behoort dan vinniger te absorbeer.

As jy jouself in die byl wil sien, gebruik 'n bietjie politoer en vryf hom blink. Die enigste gevaar wat jy nou loop, is dat jou byl só mooi gaan wees dat jy hom nie weer wil gebruik nie.

WAARSKUWING Lynolie is hoogs vlambaar; wees versigtig hoe jy van die kombuispapier en lappe ontslae raak. Was die lappe eers in seepwater.

LAASTENS

Moenie jou byl slyp op 'n plek wat te droog óf bedompig is nie. Droë toestande kan die handvatsel laat krimp en kraak, en wanneer dit bedompig is, kan dit daartoe lei dat hy swel en skeeftrek. Hou die byl se snykant skerp en gee jou handvatsel elke jaar 'n laag olie. Dan gaan hy jou 'n leeftyd hou.



5

TUISGEMAAKTE VUURAANSTEKERS

Die internet wemel van kampwenke, en dit wil voorkom asof almal 'n slim plan het om iets te vervang wat jy normaalweg in 'n winkel koop. Soos dié vuuraanstekers.



Daai video is al meer as een keer op Facebook of die kampforum gedeel: Een of ander slimjan gebruik gewone huishoudelike items om iets aanmekaar te slaan wat jy gewoonlik in die winkel

moet koop. Terwyl jy na die video kyk, wonder jy of dié plan gaan werk...

Ons was moeg gewonder en het besluit om van die internet se vuuraanstekerplanne op die proef te stel. Ons het fynhoutjies vir die toets

gebruik, en as dié ordentlik gebrand het, het die aansteker die toets geslaag. As jy egter daai klomp lywige stompe aan die brand wil kry wat jy by Jeffreys se vulstasie gekoop het, gaan jou geduld beproef word.

VUURBOLLE

Drie dinge wat jy ieder geval in die huis het – veral as jy ’n baba het – word in ’n bol saamgerol vir ’n indrukwekkende vuuraansteker.

Jy benodig

- chirurgiese spiritus (1 x 100 ml-botteltjie)
- eiergrootte watterbolle (soek “cotton balls” in die supermark)
- petroleumjellie (450 ml)

Só maak jy

Week die watterbol in die spiritus en druk die oortollige vloeistof uit. Bedek die bol met petroleumjellie en bêre dit in ’n houer wat deeglik toemaak.

Werk dit?

Ja. Ons het twee op ’n slag gebruik en dadelik sukses behaal. Dis egter belangrik om daarop te let dat jy die vuurbol met jou braaitang uit die houer moet haal wanneer dit tyd is om die vuur aan te steek. Moenie dit met jou kaal hande hanteer nie. (Of was minstens jou hande nadat jy dit uitgehaal het – jy wil nie van die petroleumjellie op jou vingers hê en dit per ongeluk ook aan die brand steek nie.) Die vuurbolle vat blitsig vlam en brand ordentlik. Die fynhoutjies was binne twee minute aan die brand.



WENK

Gebruik ’n langnek-aansteker of trek ’n vuurhoutjie en gooi hom op die bol.





WENK

Jy kan pleks van watte ook die dons (*lint*) uit jou tuimeldroër gebruik.

KOOKEIER

Jy kan jou leë eierkartonne slim herwin met dié selfgemaakte vuuraanstekers. Moet ook nie meer daai laaste stukkie kers onder in die blaker weggooi ná julle Valentynsete nie.

Jy benodig

- ou stukkie kers of enige ander soort was
- kartoneierhouers
- watte (jy kan die klaargerolde bolle koop óf gewone watte in bolle rol)
- 'n skêr of skerp mes

Só maak jy

Smelt die kerse of was tot 'n vloeistofvorm – ons het dit sommer in 'n leë *baked beans*-blikkie op 'n gasstoof gedoen.

Rol die watte in bolletjies en sit een in elke afsonderlike eierholte. Vul die eierholte met gesmelte was tot die watte heeltemal bedek is. Wag tot die was droog is en sny dit in afsonderlike vuuraanstekers.

Steek die hoekie van die karton aan wanneer jy reg is om te braai.

Werk dit?

Dit werk! Die wind het wel effens gepla terwyl ons die toets gedoen het, en die karton het nogal aanmoediging nodig gehad om vlam te vat. Maar toe hy eers brand, het die vuuraansteker sy werk behoorlik gedoen en die fynhoutjies het in 'n japtrap gebrand. Ons het net een op 'n slag gebruik en die eierkarton het die toets met vlieënde vaandels geslaag.



WARM WATTE

Daardie ronde wattelappies is nie net goed vir wanneer Mamma haar grimering moet afhaal nie.

Jy benodig

- ronde wattelappies (in Engels *cotton pads*)
- gesmelte kerswas

Só maak jy

Doop 'n wattelappie in die kerswas, hou hom eenkant tot dit droog is, en pak hom dan in 'n houer – dit hoef nie lugdig te wees nie. Jy kan hom sommer in 'n plastieksak ook bêre. So eenvoudig soos dit.

Werk dit?

Hy is 'n bietjie teësinning met die aansteekslag (dalk ook omdat die wind gewaai het met ons toets) maar as hy eers brand, skort daar niks nie. Ons het twee van hulle onder die fynhoutjies gebruik en binne 90 sekondes het die vuur sonder enige probleme gebrand.



WENK

Dis maklik en vinnig om te maak en jy kan sommer 'n klomp op een slag maak – genoeg vir jou hele reis deur Botswana en Namibië.





WENK

Hierdie een het ons werklik verbaas met hoe goed hy brand. Om die waarheid te sê werk hy vir ons beter as van die groot vervaardigers se produkte wat op dieselfde beginsel werk.

VURIGE VUURHOUTJIE

Omskep 'n doodgewone vuurhoutjie met 'n stukkie witgoud en 'n bietjie kerswas in 'n verbasend doeltreffende vuuraansteker.

Jy benodig

- vuurhoutjies ('n groot pak)
- toiletpapier (dit hoef nie dubbellaag te wees nie – hou dié vir jouself)
- gesmelte kerswas

Só maak jy

Vat 'n blokkie toiletpapier en sny dit middeldeur. Rol die papier om een vuurhoutjie. Doop dit in die gesmelte kerswas en laat dit droog word.

Werk dit?

Verbasend goed. Jy moet net onthou om die kerswas van die vuurhoutjie se kop af te krap vóór jy hom trek. Hou die vuurhoutjie onderstebo tot die kerswas vlam vat (dit gebeur amper onmiddellik) en sit dit onder jou fynhoutjies. Ons het twee vuurhoutjies per aansteker gebruik en vier van dié outjies gebruik om die fynhoutjies aan die brand te steek. Beter en vinniger kon dit nie werk nie. Trouens, ná twee minute se brand was daar nog meer as die helfte van die aansteker oor.



TEETJD...

Niemand maak beter vuur as jy en 'n gebruikte teesakkie nie.

Jy benodig

- gebruikte teesakkes (rooibos, groentee, Engelse tee... dit maak nie saak nie)
- paraffien
- 'n lugdigte houer ('n ou mayonnaise-bottel, roomysbak of iets dergeliks)

Só maak jy

Sit jou gebruikte teesakkes eenkant om uit te droog. Wanneer die sakkes heeltemal droog is, week hulle in paraffien.

Bêre hulle in 'n lugdigte houer sodat hulle nie uitdroog nie, en pak twee of drie onder jou hout wanneer jy jou Bosveld-TV wil aanskakel.



WENK

Jy moet meer as een gebruik, maar hy brand maklik genoeg en hou sy vlam vir 'n goeie 4 minute... meer as genoeg tyd om die fynhoutjies aan die gang te kry.



DIÉ TJIPPIE IS NET VIR EET

Nie al die raad wat jy op die internet kry, is goeie raad nie...

Jy benodig

- 'n pak mielietjips (soos Doritos, Big Corn Bites of Fritos)

Só maak jy

Dié video beweer jy kan Doritos as vuur-aansteker én as 'n plaasvervanger vir jou fynhoutjies gebruik. Jy gooi basies 'n houpie onder in jou braai, steek dit aan die brand en pak dan die dikker stompe op dit – en oomblikke later het jy 'n gloeiende kampvuur.

Werk dit?

Dalk is dit omdat ons die Cheese Supreme-geur pleks van Sweet Chili gebruik het, maar hierdie een het nie vir ons gewerk nie. Die tjippies wou nie ordentlik vlam vat nie en ná 'n vyfde probeerslag het ons tou opgegooi.



WENK

Gooi die tjips in 'n bak, kry vir jou 'n koel lafenis in die hand en gebruik enige van die ander opsies wat ons getoets het.

LESERS SE SLIM KAMPPLANNE

Sommige van ons medekampeersers het met vindingryke planne vorendag gekom vir probleme wat in die kampterrein opduik.

As die meeste van ons voor die keuse gestel word om 'n nuwe katoeter aan te skaf of soos MacGyver iets uit niets te probeer skep, sal ons waarskynlik die eerste opsie kies. Daar is egter heelwat Slimjanne in ons midde wat baie vindingryke planne beraam wanneer hulle kamp.

PLAN B?

SKOTTELGOEDWASTAFEL

Yvonne Siebrits Hattingh van Vredenburg sê haar man, Gideon, is 'n bedrewe nutsman. Hier is sy opvou-skottelgoedwastafel.

“ My man het hierdie stewige skottelgoedwastafel vir my gebou. Hy is effens hoog vir my, maar ek kom tog by. Dis lekker, want ek was in die een skottel, spoel af in die ander en sit die skottelgoed dan in die droograk. Sy pote kan ongelukkig nie opvou nie, maar hy pas knus langs die bed in ons woonwa wanneer ons reis. Ons sit hom op sy sy neer met die mikrogolfoond en 'n klompie ander los items tussen sy bene, en dit hou die besigheid heel stewig. ”



WENK

Dit lyk eenvoudig genoeg om self te maak en is baie prakties, veral as jou staanplek ver van die opwasgeriewe is.



TWEE-IN-EEN

Kamp is nie kamp sonder 'n braai nie, maar as jy jou vleis en groente nóg meer smaakvol wil gaar kry, is 'n ou 5 kg-gassilinder al wat jy nodig het, sê **Chadwin Daniels** van Kuilsrivier.

“ Ons het besluit om 'n bietjie meer as net 'n gewone braai te doen en het vir ons hierdie tuisgemaakte roker met 'n ou gassilinder gemaak. Aan die binnekant het ons 'n paaltjie in die middel vasgesweis met 'n klein stukkie staalrooster rondom daaraan vas. Onder dit is 'n pannetjie met water en onder dit die plek waar jy die houtskaafsels plaas vir die rookslag. Ons het dit die eerste keer by Palmiet gebruik en dit het soos 'n bom gewerk. ”



WENK

Die waterpan sorg vir stoom wat die vleis sappig hou, terwyl die skaafsels verhit word deur die gassilinder wat in kontak is met die vuur se vlamme.



STAAN STEWIG

Ons almal weet hoe frustrerend dit is om by 'n tafel te sit wat wankel. Verbeel jou nou dieselfde gebeur met jou skottelskaar. **Fred Visser** van Lichtenburg hou nie van 'n gasbraaier wat skeef staan nie, en daarom het hy 'n plan beraam.

“ Ek gebruik hierdie driepootstaander om my gassilinder regop te hou wanneer ek buite op hom kook of braai. Die lekker ding is dat sy pote verstelbaar is – as ek dus op ongelyk grond is, is dit nie 'n probleem nie. ”



WENK

'n Ander oplossing is 'n klein tafeltjie met skerp pote wat jy in die grond kan druk om hom gelyk te kry.

VINNIG EN MAKLIK

As nuwelinge vir die eerste keer in die winter gaan kamp, sal hulle dalk nooit weer dieselfde na 'n opblaasmatras kyk nie. **Andrea Jacobs** van die Strand het vinnig 'n plan gemaak vir die nattigheid wat in die nag deurslaan.

“ Ons het op die harde manier geleer wat gebeur as jy 'n opblaasmatras op klam grond neersit – die volgende oggend was al ons beddegoed sopnat van die kondensasie. Ons het egter die oplossing gevind: Jy sit bloot koerantpapier plat tussen platgedrukte kartonbokse en sit dan die matras daarop. ”



WENK

Belê in 'n goeie grondseil wat jy onder jou tent sit. Dit los dié kopseer moeiteloos op. Dit is nietemin 'n slim plan wat ook help teen die koue wat van onder af deurslaan.



WENK

Dit val waarskynlik nie in almal se smaak nie, maar dis beter as om voor 'n dooie kampvuur te sit. (Sien ook ons afdeling oor vuuraanstekers op bl. 72.)



'N ANDER SOORT VUURANSTEKER

Kamp sonder 'n kampvuur is nie regtig kamp nie. Maar hoe gemaak as jy per ongeluk die Blitz by die huis vergeet het? Volgens **Caira-lee Durand** van Kaapstad werk vroue se sanitêre produkte ewe goed om die vuur aan die gang te kry.

“ Glo dit of nie, maar jy kan tampons inspan as alternatief. Ja, dit is aansienlik duurder as gewone vuuraanstekers, maar wanneer die nood druk, is dit net die antwoord. Ons het dit anderdag agtergekom toe ons langs die Breërivier was, maar die vuuraanstekers vergeet het. My suster Nicky is die vroulike weergawe van Bear Grylls en ons het by haar om raad gaan aanklop. Sy het ons van dié truuk vertel en ek is bly om te rapporteer dit werk goed. Daardie klein katoenvesels vat vlam soos min. Jy skeur die tampons oop; hoe losser die vesels, hoe beter. ”



WENK

As jy 'n kranige naaldwerker in die familie het, is dit iets wat jy beslis kan oorweeg.

MAAK OOP, MAAK TOE

Soos baie ander kampeerders gebruik hulle die voltent by uitsondering – en uitsluitlik wanneer hulle lank by 'n spesifieke kampterrein kuier, vertel **Job Schoeman** van Modimolle. Die stoeptent is 'n baie beter opsie omdat dit jou nader aan die natuur laat voel, veral as die weer saamspeel. Maar wanneer sake onplesierig raak, is die stoeptent se sykkante nie voldoende nie.

“Wanneer daardie koue winterwind of onverwagse reën bui 'n mens tref, smag jy na die beskerming van 'n voltent, veral saans wanneer jy nog 'n bietjie wil kuier, kaartspeel of lees. Ons het besluit 'n goue middeweg is om



iets te prakseer om die voorkant van die stoeptent toe te maak en 'n lekker knus kuierplekkie in die winteraande te skep.

Ons het skadunet (95%) aangeskaf, die openinge weerskante van die middelpaal gemeet en dit daarvolgens gesny. Onthou om voorsiening te maak vir lekker breë some onder en aan die kante, want dit help om die net stewiger te maak. Aan die bokant het ons die soom só

breed gemaak dat 'n 25 mm-pyp maklik daardeur kan gly. Hierdie stikwerk het ons met 'n gewone naaimasjien gedoen.

Ons het toe pyp, plastiekhegstukke en klitsrits gekry om die spul aanmekaar te sit en het in die een paneel 'n ritssluiters laat insit om 'n deur te maak. Ons het ook lussies aan die onderkant van die net vasgewerk om dit stewig met tentpenne in die grond vas te kap.

'N DAK OOR JOU KOP

Niemand gaan lekker kamp as die dak bo jou kop begin lek en instort nie. Dit is presies wat met sy 1984-model Gazelle 2100 gebeur het, vertel **Jan Ebersohn** van Stellenbosch. Dit was tyd om iets aan die saak te doen.

“ Ek het aanvanklik net die eerste dakpaneel losgemaak, maar gou besef ek gaan al ses van hulle moet vervang. Die dakhout was voos en ek sou dit heel nuut moes oorbou.



Die dak bestaan uit 'n raamwerk van laaghout wat op 'n raamwerk van 25 x 25 mm-vierkantbuisstaal vasgeskroef word. Met die houtraam klaar, het ek die 100 mm-isolasie op die raam geplaas, die dakbekleedsel styf oorgespan en met spykers vasgekap.

Ek het sommer die geleentheid gebruik om 220V-ligte en -kragproppe te installeer waar nodig én ek het twee suigwaaiers in die dak gesit. Die nuwe dak is van veselglas. Dis 8 m lank en 3 mm dik, soos die soort wat op koeltrokke gebruik word. Nou is daar nie meer lasplekke nie, wat beteken die kans op lekke is minder. Die dak is ook meer bestand teen hael én heelwat koeler danksy die isolasie. ”



WENK

Omdat Jan dié takie self verrig het, het sy wa se nuwe dak hom net R5 000 uit die sak gejaag.



BUIITE IS BETER

Hulle is omtrent nooit binne-in hulle 1981-model Sprite Sport nie, behalwe as hulle slaap. Daarom het **Johan en Elmare van Staden** van Parow besluit om hulle wa 'n bietjie beter aan te pas aan die buitekant.

“ Om ons eetgerei en ander toerusting byderhand te hê het ons besluit om 'n werkoppervlak en twee laaie aan te bring wat van buite af onder die een enkelbed inskuif.

Om nie die struktuur van die wa te verswak nie is die grootte van die deur-opening beperk om tussen die bestaande

houtversterkings van die sypaneel in te pas. Dit het die diepte van die laaie tot ongeveer 280 mm beperk, maar hulle is wel elkeen 'n skaaflike 600 x 600 mm



WENK

Die Van Stadens het oorskietmateriaal uit die motorhuis gebruik, en die addisionale aankope vir dinge soos skarniere en wielspore vir die laaie het in hulle geval slegs R1 400 beloop.

groot. Die werkblad op die een laai is 500 x 600 mm en kan ook op swaaitutte oopvou vir 'n totale werkoppervlak van ongeveer 1 200 x 500 mm. Tussen die laaie is ook 'n rakkie vir suiker en koffie, en dan het ek kragpunte aan die sykant van die een laai en klampies plus 'n 12V-kragpunt vir 'n LED-lig by die venster bo die werkblad gemonteer.

Die deurtjie slaan boontoe op sodat dit in die oop-posisie die bakwerk beskerm.

Die deurknippe is onder die wa gemonteer en die sluitmeganisme trek met 'n spiraalveer in posisie sodat die deur nie in die ry kan oopgaan nie. Vir veiligheid kan jy dit ook met 'n hangslotjie sluit.



PERFEK VIR 'N PAARTJIE

As jy jou sportnutsvoertuig in jou slaapplek omskep, het jy nie 'n tent of woonwa nodig wanneer jy gaan kamp nie, sê **Deon Steyn** van Wellington.

“ Ek en my vrou, Strelza, was op pad Namibië toe om die Etosha-wildtuin te gaan beleef. Dit was net ek en sy, en ek het besluit ons kan ewe lekker in my 2006-model Toyota Fortuner slaap as in 'n tent. Ek het toe begin om die agterkant van die Fortuner in iets soos 'n klein ryhuis te omskep.

Die twee rye sitplekke het maklik genoeg uitgekom, want hulle word net aan die vloer vasgebout. Daarna het ek die raam vir die bed gebou en plek onder dit gelos vir pakplek. Die ruimte van die agterkant van die voorsitplekke tot by die agterdeur is groot genoeg vir 'n matras van 2 m, wat beteken selfs hemelbesems kan gemaklik slaap.

Onder die bed is meer as genoeg pakplek vir dinge soos ons koelboks, plastiekkrate, kooktoerusting en ons twee kampstoele. Ek het uiteindelik ook 'n 3 x 3 m-koepeltent saamgevat ingeval ons buite wou slaap.



WENK

Dit is 'n voor die hand liggende projek, maar dit het vir Deon-hulle gewerk en hom net R8 000 gekos.



SPAN HOM STYF


As 'n mens jou woonwatent aan die bokant met pale kan styfspan, hoekom kan jy dit nie aan die onderkant ook doen nie, wonder **Johan Pretorius** van Brakpan.

“ Ek het ons woonwa se sytent opgeslaan om hom skoon te maak nadat ons gaan kamp het, maar ek moes my vrou, Karien, vra om die sywande met 'n paal weg te druk sodat ek ordentlik in die hoekies kon vee. Terwyl ek vee, sê Karien as sý die sytent ontwerp het, sou sy ook pale op die vloer gesit het om die hele besigheid van bo tot onder styf te span. Ons het 'n klompie ekstra pale in die motorhuis gehad en ek het besluit om die plan op die proef te stel. ” Dit werk baie goed.



WENK

Dit is 'n unieke idee wat baie goed werk as jy reeds die regte materiaal byderhand het.



'N DOPPIE VIR JOU KOPPIE

Min dinge is so irriterend soos insekte wat besluit hulle hou net so baie van jou staanplek as jy. Dit raak net te veel as die bye, muggies en motte hulle visier op jou drankie stel. **Marieta van Rensburg** van Durbanville was moeg vir dié delery.

“ Pak vir jou 'n klompie van dié plastiekdeksels wanneer jy op jou volgende kampreis vertrek. Dit is 'n goeie manier om mintens een deel van die ou Milo- of koffieblik weer te gebruik, terwyl hy ook keer dat die gogga by jou drankie uitkom. As jy hom oor koffie of tee sit, bly dit ook 'n bietjie langer warm. ”



WENK

Wie van ons het nie van hierdie deksels by die huis nie? Dis boonop 'n knap manier om te herwin.

'N WATERPASPLAN

Dis min moeite om sommer so met die blote oog te kyk of jou wa gelyk staan. As jy regtig seker wil wees en nie altyd jou groot waterpas wil saamry nie, lê die antwoord dalk in dié slim plan, sê **Pieter Townsend** van Klerksdorp.

“ As jy nie 'n ou waterpas of twee het wat by die huis rondlê nie, kan jy vir jou gaan koop en dan net die plastiekbuisies uithaal wat wys of die oppervlak gelyk staan. Jy trek jou wa dan waterpas.

Verwyder die proppie in die aluminiumgleuf langs die kant van die wa en glip die buisie hier in. Maak seker hy is waterpas. Plak hom met silikoon vas en sit die proppie terug. Nou is hy altyd daar en gereed om te help. ”



WENK

'n Nuwe waterpas is nie goedkoop nie. Soek eers mooi vir 'n ou een voor jy ysterwarewinkel toe ry.



MAAK TOE DIE DEUR

Hy het die oorspronklike yskas in sy wa met 'n nuwe een vervang, maar **Corrie Singeling** van Riviersonderend moes 'n plan maak met die deur wat die heeltyd in die ry oopmaak.

“ Ek het die bestaande gaatjie bo in die deur van die yskas benut en 'n U-vormige ystertjie gemaak wat aan die een kant presies in die gaatjie pas. Daarna het ek 'n steunstuk vasgeskroef aan die inleghout waarin die yskas pas. Die ander punt van die U-vormige ystertjie pas in die steunstuk. Die steunstuk is gemaak van 'n hoepelplaat. Die yskas se deur is nou stewig vas en kan nie in die ry oopgaan nie. ”



WENK

Dis 'n plan waarby veral eienaars van ouer woonwaens kan baat vind.



ELKE DING OP SY PLEK

Hy het 'n Sprite Tourer SP gekoop, maar toe hy sien daar is nie 'n spesifieke plek om die tentpale te bêre nie, moes **Harry Greef** 'n plan maak.

“ Ek het 'n plaaslike naaldwerkster gevra om vir my 'n stuk tou te werk aan die sak wat jy by kampwinkels kry vir jou tentpale. Die tou gly dan in die gleuf aan die agterkant van die wa, en terwyl die tent aan die voorkant in sy sak hang, hang die pale aan die agterkant. Ek het twee ligter sakke gemaak waarin ek die tent se pale en die afdak se pale apart hou. ”



Dis 'n maklike manier om jou tentpale netjies en op hulle plek te vervoer.



STOP DIE WIEL

As daar nie in jou woonwa se neuskas plek is vir die noodwiel nie, is die kans goed dat hy êrens los rondlê wanneer jy sleep. En daar is altyd nagevolge, soos daardie merk op die vloer wat wys hier het iets vir lank gelê, of skuifmerke soos die wiel in die ry geskuif het. **Jan Wentzel** van die Paarl het 'n plan hiervoor.

“ As jou noodwiel op 'n plek is waar dit moeilik is om hom by te kom, is hierdie dalk jou oplossing. Ek het myne in die Gypsey se A-raam voor die neuskas vasgemaak. Hy word deur 'n gegalvaniseerde raam in plek gehou, wat beteken hy gaan nie maklik roes nie – selfs al kamp jy gereeld langs die see. Die raam is met 'n skarnier aan die kant van die A-raam vas en die wiel word met 'n glyslot in plek gehou. Nog 'n voordeel

is dat niemand in jou wa se neuskas kan krap as die wiel op die raam gesluit is nie. ”



Vra jou vriend wat netjies kan sweis om jou te help. Dis eenvoudig, maar baie slim.

NASIONALE INBELSENTRUM
011 434 7000

Adendorff
machinery mart



GEHALTEGEREEDSKAP EN -MASJINERIE



R2395
btw ingesluit

MAC AFRIC 50L
DIREK
AANGEDREWE
KOMPRESSOR
(COMP515)

MAC AFRIC 85-STUK CRV
GEREEDSKAPSTEL
(TT00LB085)



R1595
btw ingesluit



MAC AFRIC 170 W (230 V)
KOMBINASIE DRAAIGEREEDSKAP-
STEL
(HENGDR190)

R795
btw ingesluit



PROFESIONEEL
KOORDLOSE
BORSELLOSE HOEKSLYPER
(18 V LITIUMMOON)
(SGRINC001)

R1395
btw ingesluit



MAC AFRIC LITIUMMOON
BATTERY
(SBATTR004)

R895
btw ingesluit



MAC AFRIC 18 V-LAAIER
(SCHARG001)

R495
btw ingesluit

MAC AFRIC 52.8 CC RUGSAK-TIPE
VAKUUM BLASER
(MBLOWR053)

PETROL



R3495
btw ingesluit



MAC AFRIC 63-STUK PIENK
CRV GEREEDSKAPSTEL
(TT00LK063)

R845
btw ingesluit

R2395
btw ingesluit

MAC AFRIC 5-LAAI
VRYDRAER-
GEREEDSKAPSKIS
(TT00LB005)



MAC AFRIC
8.75 KVA (7 KW)
VERSKUIFBARE
BYSTAND-
KRAGOPWEKKER
(MGENER008)

R12 950
btw ingesluit

PETROL



R16 995
btw ingesluit

MAC AFRIC
193-STUK
GEREEDSKAP-
KABINET
(TCABIN003)



MAC AFRIC 45 CC
KETTINGSAAG
(MSAWCH040)

R3495
btw ingesluit

www.adendorff.co.za

Aanlyn winkel



• Afhaal



of Aflewering



FOTO SLEGS VIR VERTOONDOELEINDES. MODELLE KAN VERSKIL. GEPUBLISEERDE VOORRAAD MAG DALK NIE BY ALLE TAKKE BESKIKBAAR WEES NIE EN IS ONDERHEWIG AAN BESKIKBAARHEID VAN VOORRAAD. HOEVEELHEDE IS BEPERK. VOORWAARDES EN BEPALINGS GELD.



DIE INTERNET IS VOL IDEES

Verskeie produkte is beskikbaar wat 'n oplossing vir elke denkbare kampprobleem bied, maar met dié slim planne kan jy dieselfde probleme oplos met goed wat jy reeds in die huis het.

Op die internet kry 'n mens 'n groot verskeidenheid kampwenke – of *hacks*, soos die Engelsman dit noem. Ons weet egter te goed 'n mens kan

nie alles glo wat jy op die wêreldwye web sien nie; dus het ons van die gewilder wenke self op die proef gestel om te kyk wat werk en wat nie...



BREKFIS IN 'N BOTTEL

Wat is dit?

Hoekom die gevaar loop van eiers wat kan breek op pad na jou bestemming as jy eerder hierdie slim plan kan inspan? Gebruik bloot 'n leë waterbottel met 'n tuit en maak die lewe aansienlik makliker.

Werk dit?

Wel, solank almal van roereier hou. Jy kan maklik 18 eiers in 'n 500 ml-bottel inpas, en dan is daar genoeg plek vir 'n bietjie melk en roomkaas vir eksta smaak. As jy meer as een bottel het, kan jy ook jou pannekoekbeslag by die huis al aanmaak. Onthou net om dit koel te hou.



GOOI 'N VLOERMOER

Wat is dit?

Daardie matjies in jou kind se kamer of by die kleuterskool wat so in mekaar steek, werk ewe goed as 'n isolerende vloer vir jou tent. Hou hulle dus eenkant as jou kind nie meer in hulle belang stel nie.

Werk dit?

Jou grondseil beskerm dalk jou tent, maar as dit by gemak kom, beteken hy nie veel nie.

En selfs al het jy nie kinders nie, is hierdie matjies goedkoop genoeg om suiwer vir jou kampdoeleindes aan te skaf.

Probeer sover moontlik om jou tent op 'n gelyk oppervlak op te slaan, anders gaan die matjies nie behoorlik in mekaar steek nie.

Dit sorg ook vir 'n isolerende laag om jou in die wintermaande warmer te laat slaap.

Goeie nagrus!



HANG AAN 'N TAK...

Wat is dit?

Saam met jou kombuisgoed het jy net 'n belt en 'n boom by jou braai nodig om jou eie buitelugkookstasie in te rig.

Werk dit?

Dit hang af van die vorm van jou lepels en eierspane: Van die nuwer modelle het gate in hulle handvatsels waardeur jy 'n haak kan sit en dit dan aan die belt hang wat jy om die boom gesit het. As jou lepels 'n haakvorm aan die agterkant het, kan jy hulle net so hang. Dan is alles byderhand. Onthou net van hulle wanneer dit tyd is om huis toe te gaan!

KYK WAAR JY LOOP!

Wat is dit?

Sommige tenttoue is helderkleurig om te keer dat jy oor hulle val wanneer jy vroegoggend opstaan om te gaan wildkyk by die watergat. Daar is egter 'n maklike oplossing as jou tent se toue nie so sigbaar is nie.

Werk dit?

Die poelnoedel is eintlik heel veelsydig – soos jy elders in hierdie gids ook sal sien. Maar in dié geval sny jy bloot 'n stuk af, sny hom aan die een kant oop en glip hom oor die tenttoue. Skuif hom af tot op grondvlak en jy gaan hard moet probeer om hom mis te kyk. Twee poelnoedels behoort genoeg te wees vir selfs die grootste gesintest.



VEILIG IN DIE REËN

Wat is dit?

Daardie oranje pilvormige boksies waarmee jy die kragpunt in jou verlengkoord teen water beskerm, kan jou 'n hele paar rand uit die sak jaag vir een. Die goedkoper antwoord lê in 'n leë roomysbak.

En dan kan jy die geld wat jy gespaar het, gebruik om nóg roomys te koop.

Werk dit?

Dit werk baie goed. Jy sny bloot twee gate weerskante van die bak waarin die koord pas, sit die kragpunt in die bak en sit die deksel op.

Vir gemoedsrus kan jy kleeflint om die draad draai waar dit in die gate pas om dit meer reënbestand te maak.





“

’n Slegte dag in die kampplek
is steeds beter as ’n goeie
dag by die werk.

”



OP DIE TROON

Wat is dit?

Wanneer jy in die middel van nêrens kamp sonder ’n ablusie-blok in sig, beteken dit nie noodwendig jy moet agter ’n bos gaan hurk nie. Met ’n emmer, poelnoedel, tou en ’n klein grafie kan jy vir jou ’n troon van formaat bou.

Werk dit?

Sny ’n gleuf in die noedel en glip dit al in die rondte oor die lip van die emmer – maak seker jy sny die lengte presies reg. As die emmer nog sy handvatsel het, kan jy dit sommer gebruik om die witgoud veilig te hou. Sny ’n gat in die boom van die emmer en plaas dit oor die gat wat jy in die grond gegrawe het. Voilà!

PLAK HOM, PAPPIE

Wat is dit?

Dis ’n rol boereband of isolasieband wat jy om jou aansteker (soos die Bic wat ons gebruik het) draai. Sodoende hoef jy nie in die gereedskapskis of neuskas te gaan krap wanneer die nood druk nie, want jy kan dit in jou broeksak raakvat.

Werk dit?

Solank die boereband nie te breed is vir die aansteker nie, is dit ’n heel gawe plan. Dit is altyd nuttig om so iets byderhand te hê, veral in die kampterrein.





GAAN WAS JOU HANDE

Wat is dit?

Jy kan een van daardie groot 20 ℓ-waterkanne in 'n japtrap omskep in 'n plek waar jy jou hande kan was by die kampplek.

Jy moet net die koekie seep en die papierrol byderhand hou, en die dae

waarin jy die kinders moet smeek om hulle hande voor ete te gaan was is iets van die verlede.

Werk dit?

Absoluut. En as jy reeds een van die kanne het, is die stryd halfpad gewonne.

Dan het jy daarby net 'n stuk tou, ou broekie kouse en jou gunsteling-seep nodig.

Maak die kan vol water, maak die papierrol aan die bokant met tou vas, sit die seep in die sykous en knoop dit om die kraan se nek vas.

Selfdoengids



JOU DAAGLIKSE SPESERYE

Wat is dit?

'n Pillhouer wat in afsonderlike kassies vir elke dag se gebruik verdeel is, is 'n goeie alternatief as jy nie jou volledige stel Ina Paarman- of Robertson-speserye wil saampiekel na die kampplek toe nie.

Werk dit?

Beslis, veral as jy nie die wêreld se plek het nie. Onthou egter om die speserye op die pillhouer te merk – gebruik sommer maskeerband en skryf daarop. Jy wil nie per ongeluk die paprika met die peri-peri verwar nie...

HOU DIE GOGGAS WEG

Wat is dit?

Die teorie is dat 'n hand vol droë salieblare in die vuur die muskiete weghou. Dit klink na 'n blink plan as jy vanaand om die kampvuur wil ontspan sonder dat die muskiete jou opvreet of dalk wegdra.

Werk dit?

Ons kon nie betyds vir ons toets droë salie in die hande kry nie, maar die vars salie wat ons by Woolies gekoop het, het goed gewerk. Die muskiete het nie naby ons gekom nie. Laventel het glo dieselfde uitwerking op vlieë.

En dan sorg die salie en laventel boonop vir 'n aangename geur om die vuur.



'N BLIK SPRINGMIELIES

Wat is dit?

Dit maak nie saak watter blikkie jy gebruik nie; moet hom nie weggooi nadat jy jou skuimkop geniet het nie.

Spoel hom uit met water, gooi 'n teelepels kookolie en genoeg springmielies in om die boom te bedek en sit die blikkie op die kole.

Voor jy jou oë uitvee, het jy kraakvars en heerlike springmielies om aan te peusel terwyl die kos klaarkom.

Werk dit?

Ja, dit is 'n lekker manier om die kinders te laat help om 'n peuselhappie te maak.

Jy gaan egter moet help om die blikkie oop te sny, want die skerp kante kan gevaarlik wees vir die kleintjies.

'N GESNYDE LEPEL

Wat is dit?

Jy gaan nie baie mense kry wat meer as een keer die braaitang vergeet nie, maar 'n sopelepel is waarskynlik 'n ander storie. Dit beteken egter nie jy moet 'n vurk gebruik om op te skep as julle 'n lekker kerriepotjie gemaak

het nie. 'n Lepel wat jy uit 'n leë 2 l-koeldrankbottel gesny het, werk ewe goed.

Werk dit?

Natuurlik, en kom ons wees nou maar eerlik: 'n Bottel koeldrank hou nooit lank wanneer jy gaan kamp nie. Dus

behoort daar altyd een naby te wees. Die bottels met die dikker plastiek aan die onderkant werk beter, want die goedkoper handelsname se dun bottels is nie so opgewasse teen die hitte van 'n kokende potjie nie. Maak net seker jy sny die bottel breed genoeg en gebruik die hele lengte vir die handvat.





RAAK SLIM MET SOUS

Wat is dit?

Ons almal hou van ons sousie op 'n boere-worsrol of burger, maar nie almal gebruik dieselfde sorg as jy om die tamatiesous, mosterd of Mrs Ball se blatjang weer ordentlik toe te maak nie. En dan is daar altyd die een wat 'n kwart van die HP-sous op sy rolletjie uitgiet. Gebruik 'n kolwyntjiepan en bepaal self hoeveel sous die bottel moet verlaat.

Werk dit?

Hoe dieper die pan, hoe meer sous is daar vir almal. Jy het niks groter as 'n pan met ses kolwyntjies nodig nie. Skep 'n teelepel sous in elke holte en laat jou mense hulleself help.



BLIKKIESTOFIE

Wat is dit?

Dis altyd lekker om die kleingoed sover te kry om te help kosmaak. Nou kan jy hulle op 'n veiliger en meer beheerste manier laat saam kook met hierdie ministoof wat jy met twee blikkies aanmekaarslaan.

Werk dit?

Jy gaan natuurlik jou kleinste pot of pan byderhand moet hê, maar 'n mens kan ongetwyfeld die uie gaar kry op dié storie. As die groottes van jou blikkies verskil, gebruik die groter een vir die plek waar die pot staan en die kleiner een om die oond te bou waar jy die kole stook. Ma of Pa gaan egter die gat in die groot blikkie moet sny.





KRY JOU KOMBUIS IN ORDE

Wat is dit?

Jy ken hierdie outjie waarskynlik goed as jou of jou lewensmaat se skoene alewig die wêreld vol lê en julle nie een van daai groot kaste het waar 'n mens instap nie. Hierdie liggewig opvouskoerakke het al verskeie verhoudings gered en hy is nommerpas vir die kampterrein, want hy vou klein op en is 'n gawe pakrak vir jou kombuisgoed.

Werk dit?

Ja, en dis lekker om nie die heeltyd in 'n ammokis of onder die tafel in 'n uittreklaai te soek nie. Jy hang die rak aan jou tent of gazebo se dwarspaal op en maak in 'n japtrap 'n bruikbare kombuisrak. Jy kan eintlik enigiets hierin bêre.


'N WASMASJIE VIR JOU STAANPLEK

Wat is dit?

Dit is altyd gaaf as 'n woonwapark 'n kamer vol wasmasjiene het, veral as jy lank kamp. Niks is makliker as om jou vuil wasgoed daar skoon te kry nie. Dit is egter nie altyd die geval nie, maar dit beteken nie jy kan nie jou klere so te sê moeiteeloos skoonkry nie. Al wat jy nodig het, is 'n emmer en 'n dompelaar.

Werk dit?

Streng gesproke behoort hierdie wenk goed te werk, selfs al het die emmer nie 'n deksel nie, maar as jy 'n deksel met 'n tuit het, kan jy met mening inklim om die seewater uit die swemklere te was. En as jou emmer se deksel nie 'n tuit het nie, sny jy bloot 'n gat waardeur die dompelaar se handvatsel pas. Dit kan nogal 'n moeisame proses wees om so klere te was. Verdeel dus die takie tussen 'n klompie van julle.




SELFGEBOUDE LUIDSPREKER

Wat is dit?

Daar is 'n tyd en 'n plek vir alles, maar 'n kampterrein is nie die plek waar ander mense jou musiek wil hoor nie. As jy egter op jou eie is – of jy kan nie jou naaste buurman sien nie – is hierdie 'n gawe plan as jou Bluetooth-luidspreker se batterij sy laaste asem uitgeblaas het. Jy het net 'n leë toilet papierrol en twee plastiekbekers nodig.

Werk dit?

Jy sny gate in die bekere en 'n gleuf vir jou foon in die toilet papierrol... en siedaar! Natuurlik hang die sukses van die luidspreker van jou foon af. Hoe groter jou foon, hoe meer gaan die toilet papierrol sukkel om hom regop te hou en hoe makliker gaan hy omval. Dit wou ook vir ons voorkom of plastiekbekers beter werk as dié van polisteen.



GEBRAAIDE PIESANG VIR POEDING?

Wat is dit?

Gooi die piesangs op die rooster bo die kole en bederf jou mense met 'n heerlike gebraaide nagereg.

Werk dit?

Dis heerlik, en al wat jy moet doen, is om die piesangskil oop te sny, dit met sjokoladeblokkies en klein malvalekkers te laai en dan te braai tot alles lekker gesmelt is.



NAGLIG

Wat is dit?

'n Groterige deursigtige waterkan of -bottel vol water, met jou koplamp wat jy om dit vasmaak met die lig wat na binne skyn.

Werk dit?

Dit werk, maar net in 'n klein omgewing soos jou tent. Julle gaan nie op die lig kan staatmaak om tuinkrieket te speel wanneer die son gesak het nie. Die helderheid hang ook af van hoe deursigtig die bottel is. 'n Deurskynende Coke-bottel skyn byvoorbeeld helderder as iets soos 'n Tropica-bottel.

LAAT HY BRAND!

Wat is dit?

'n Kartonhouer wat 18 eiers hou, werk heel gaaf vir dié wenk. Ons weet die meeste kampeerdere verkies 'n houtvuur, maar wanneer jy in die knyp is, kry jy op dié manier jou kole vinnig gereed om te braai.

Werk dit?

Ons stel voor jy gebruik brikette wat in 'n kits aansteek, anders gaan jy met 'n smeulende gemors sit wanneer jy die vier hoeke van die kartonhouer aansteek. Die kitsbrikette brand makliker, maar hulle word in 'n bruinpapiersak binne-in die oorspronklike verpakking verpak. Die gedagte is dat jy die bruinpapiersak aan die brand steek, maar dit sorg vir 'n klomp as wat die wêreld vol waai. As jy hulle in die eierhouer sit voor jy dit aan die brand steek, is daar nie noemenswaardige as nie. Maar jy moet geduldig wees. (Sien ook ons afdeling oor vuuraanstekers, bl. 72.)



WATERDIGTE VUURHOUTJIES

Wat is dit?

'n Mens is altyd meer op jou gemak as jy weet waar die vuurhoutjies is. Maar nat vuurhoutjies help net mooi niks nie. Met dié plan kan jy selfs met die vuurhoutjies in jou sak gaan swem en dadelik daarna die kampvuur aansteek.

Werk dit?

Ja. Hierdie klein plastiekhoutertjies het 'n skroefdoop wat die inhoud kurkdroog hou. Plak die kant van die vuurhoutjiebox (of 'n stukkie fyn skuurpapier) aan die binnekant van die deksel en jy hoef nooit weer bekommerd te wees of jou vuurhoutjies die pyp gaan rook nie. Onthou net, al die swaalkoppe van die vuurhoutjies moet na onder wys, anders kan die spulletjie aan die brand raak as dit skud.





DEUR DIE BLARE

Wat is dit?

As julle vanaand groente soos patats, murgpampoeitjie en uie in foelie op die kole wil gaarmaak, is hierdie 'n nuttige wenk. Die probleem is dat 'n mens sukkel om die verskillende groente ewe gaar te kry. Probeer volgende keer om jou groentepakkie eers tussen twee koolblare te sit voor jy dit in foelie toedraai.

Werk dit?

Ja! Die vog in die koolblare stoom jou groente heerlik sag én dit absorbeer 'n klomp hitte van die kole. Dus is die kans dat jy die groente gaan brand, aansienlik kleiner.



SKOENMANDJIE

Wat is dit?

Ons almal weet hoe vinnig en maklik 'n mens gras en grond van buite af in jou tent trap, veral as dit gereën of deur die nag gedou het. Maar met 'n mandjie nét vir skoene voor die deur,

kan jy vir jouself 'n klomp kopsorge spaar.

Werk dit?

Soos 'n bom. Dis 'n eenvoudige plan wat jy gerus kan probeer.

DO-IT-YOURSELF. LEATHERMAN BOND.

Vir diegene wat dit alles doen, kry 'n Leatherman wat dit alles doen. Die **LEATHERMAN BOND** veeldoelige gereedskap is gelaai met swaardiens kenmerke en maak 'n perfekte met-gesel vir diegene wat elke dag skep, herstel en bou.

